AS VERTEENWOORDIGER VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GEFEDEREERDE KAMER VAN NYWERHEDE.

Mnr. Joachim Marthinus Burger, met mnr. Phillippus Jacobus Reynolds as plaasvervanger, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 6 November 1954;

AS VERTEENWOORDIGER VAN DIE VERENIGING VAN KAMERS VAN KOOPHANDEL VAN SUID-AFRIKA.

Mnr. Francis Reginald St. John Acton, met mnr. Alfred George Arundell as plaasvervanger, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 1 Januarie 1955; en

AS VERTEENWOORDIGER VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VAKBONDFEDERASIE.

Mnr. Stephanus Isaak Basson, met mnr. Kenneth John George as plaasvervanger, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 13 Maart 1955.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

✱ No. 1348.] [1 Julie 1955.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 2881 van 5 November 1954, word hierby bekendgemaak dat die registrasie van ondergenoemde persone ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Voorregte, No. 71 van 1951, as geregtig tot diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet, ingetrek is:—

Ambassade van die Federale Republiek van Duitsland.
Mnr. H. Löper.
Mev. H. Löper.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 1352.] [1 Julie 1955.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat daar besluit is om die Offisiële Hawetariefboek van Regte en Koste by die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, met ingang van 1 Julie 1955, as volg te wysig:—

Klousule 6 (*b*), *Liggeld.*—Skrap hierdie subklousule en voeg in:

Meganies aangedrewe dekvissersbote, walvisvaarders en klein vaartuie wat in die kushandel gebruik word, gelisensieer kragtens die haweregulasies, hetsy lisensiegeld hefbaar is al dan nie:

1s. 1d. per voet van die totale lengte, per kalenderjaar wat eindig op 31 Desember, of gedeelte daarvan.

Klousule 7 (*d*), *Vrystelling van liggeld.*—Skrap hierdie subklousule en voeg in:

Vaartuie gelisensieer kragtens die haweregulasies, behalwe vaartuie waarna in klousule 6 (*b*) verwys word.

Klousule 31 (*A*) (5), *Lisensies en permitte.*—Skrap hierdie subklousule en voeg in:

Vissersbote (afgesien van die soort aandrywing) en walvisvaarders ..... 3s. 9d. per voet van die totale lengte.

Uitsondering.—Vaartuie wat uitsluitend in die vis- of walvisvangs gebruik word en nie passasiers vervoer of 'n hawe-/seehoof, kaai of meerplek van die Administrasie gebruik nie.

✱ No. 1362.] [1 July 1955.

It is hereby notified for general information that the Minister of Finance has approved of the following appointments to the Union Tender and Supplies Board:—

REPRESENTING THE SOUTH AFRICAN FEDERATED CHAMBER OF INDUSTRIES.

Joachim Marthinus Burger, Esquire, with Phillippus Jacobus Reynolds, Esquire, as alternate, for a period of three years with effect from the 6th November, 1954;

REPRESENTING THE ASSOCIATION OF CHAMBERS OF COMMERCE OF SOUTH AFRICA.

Francis Reginald St. John Acton, Esquire, with Alfred George Arundell, Esquire, as alternate, for a period of three years with effect from the 1st January, 1955; and

REPRESENTING THE SOUTH AFRICAN FEDERATION OF TRADE UNIONS.

Stephanus Isaak Basson, Esquire, with Kenneth John George, Esquire, as alternate, for a period of three years with effect from the 13th March, 1955.

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 1348.] [1 July 1955.

With reference to Government Notice No. 2881 of the 5th November, 1954, it is hereby notified that the registration, in terms of section *four* of the Diplomatic Privileges Act, No. 71 of 1951, of the following persons as being entitled to diplomatic immunity under the said Act, has been cancelled:—

Embassy of the Federal Republic of Germany.
Mr. H. Löper.
Mrs. H. Löper.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 1352.] [1 July 1955.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS

It is hereby notified for general information that it has been decided to amend the Official Harbour Tariff Book of Dues and Charges at the Harbours of the Union of South Africa and South-West Africa, with effect from 1st July, 1955, as follows:—

Clause 6 (*b*), *Light Dues.*—Delete this sub-clause and substitute:

Mechanically propelled decked fishing craft, whalecatchers and small craft engaged in coastal trade, licensed under the Harbour Regulations, whether a licence charge is leviable or not:

1s. 1d. per foot of length overall per calendar year ending 31st December or part thereof.

Clause 7 (*d*), *Exemptions from Light Dues.*—Delete this sub-clause and substitute:

Craft licensed under the Harbour Regulations, other than those referred to in Clause 6 (*b*).

Clause 31 (*A*) (5), *Licences and Permits.*—Delete this sub-clause and substitute:

Fishing craft (however propelled) and whalecatchers ..... 3s. 9d. per ft. overall.

Exception.—Craft engaged solely in the fishing or whaling trade, and not carrying passengers, nor using any jetty, wharf or mooring owned by the Administration.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

No. 1310.] [24 Junie 1955.

REGISTRATION OF BRANDS.—ORANGE FREE STATE.

The following brands are published for general information under section *five* of the Orange River Colony Brands Registration Ordinance, 1903.

No. *No.*	Name. *Naam.*	Residence and Address. *Woonplek en adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*
5494	M. J. Uys.....	P.O. Box/*Posbus* 285, Harrismith.....	Harrismith.....	HU7
5495	J. C. Fouche.....	P.O. Box/*Posbus* 39, Smithfield.....	Smithfield.....	SIF

24–1

✱ No. 1340.] [1 Julie 1955.

INENTING, MILTSIEKTE.—DISTRIK HERSCHEL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, kragtens die bevoegdheid hom verleen by paragraaf (*e*) van artikel *sestien* van die Veeziekten Wet, 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, die Minister van Landbou as volg beveel het:—

Alle eienaars van beeste in die magistraatsdistrik Herschel moet sodanige beeste eenkeer binne elke tydperk van twaalf maande met 'n entstof, deur 'n Staatsveearts goedgekeur, teen miltsiekte inent en wel op sodanige tyd gedurende daardie tydperk as wat 'n Staatsveearts mag vasstel.

✱ No. 1349.] [1 Julie 1955.

RAAD VAN TOESIG OP DIE SUIWELNYWERHEID.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Suiwelproduktebemarkingskema, afgekondig by Proklamasie No. 183 van 1954, die aanstelling van ondergenoemde persone as lede van die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid vir 'n tydperk van twee jaar, met ingang van 10 Junie 1955, goed te keur:—

Kapt. B. H. Ryder C. W. O. Henderson	As verteenwoordigers van roomprodusente wat room aan botterfabrieke verskaf.
I. J. D. Wentzel S. Michelsen	As verteenwoordigers van bottervervaardigers.
S. P. Claassen.....	As verteenwoordiger van kaasmelkprodusente.
J. W. Lobban.....	As verteenwoordiger van kaasvervaardigers.
A. N. Stockil.....	As verteenwoordiger van kondenseermelkverskaffers.

✱ No. 1359.] [1 Julie 1955.

SAGTEVRUGTERAAD.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie* van die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie No. 134 van 1951, die aanstelling van ondergenoemde persone as lede van die Sagtevrugteraad, vir 'n tydperk van twee jaar, met ingang van 10 Junie 1955, goed te keur:—

D. G. Stewart.... S. J. Rossouw.... J. C. Molteno.....	As verteenwoordigers van produsente in die Kaapprovinsie.
G. P. Brits, L.V...	As verteenwoordiger van produsente in die provinsies Oranje-Vrystaat en Transvaal.
J. van Eeden.....	As verteenwoordiger van persone wat in die distribusiebedryf met sagtevrugte handel.
Mev. B. M. le Roux Mev. D. Louwrens.	As verteenwoordigers van verbruikers.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

No. 1310.] [24 June 1955.

REGISTRASIE VAN BRANDMERKE.—ORANJE-VRYSTAAT.

Onderstaande brandmerke word hierby ingevolge artikel *vyf* van die „Orange River Colony Brands Registration Ordinance", 1903, vir algemene inligting gepubliseer.

No. *No.*	Name. *Naam.*	Residence and Address. *Woonplek en adres.*	District. *Distrik.*	Brand. *Brandmerk.*
5494	M. J. Uys.....	P.O. Box/*Posbus* 285, Harrismith.....	Harrismith.....	HU7
5495	J. C. Fouche.....	P.O. Box/*Posbus* 39, Smithfield.....	Smithfield.....	SIF

24–1

✱ No. 1340.] [1 July 1955.

INOCULATION, ANTHRAX.—HERSCHEL DISTRICT.

It is hereby notified for general information that, under the powers vested in him by paragraph (*e*) of section *sixteen* of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended, the Minister of Agriculture has ordered as follows:—

Every owner of cattle in the Magisterial District of Herschel shall inoculate such cattle against anthrax once within every period of twelve months with a vaccine approved by a Government veterinary officer and at such time during that period as may be fixed by a Government veterinary officer.

✱ No. 1349.] [1 July 1955.

DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers vested in him by section *three* of the Dairy Products Marketing Scheme, published by Proclamation No. 183 of 1954, to approve of the appointment of the under-mentioned persons as members of the Dairy Industry Control Board, for a period of two years, with effect fom the 10th June, 1955:—

Capt. B. H. Ryder C. W. O. Henderson	Representing producers supplying cream to creameries.
I. J. D. Wentzel S. Michelsen	Representing manufacturers of butter.
S. P. Claassen.....	Representing producers of cheesemilk.
J. W. Lobban.....	Representing manufacturers of cheese.
A. N. Stockil.....	Representing condensing milk suppliers.

✱ No. 1359.] [1 July 1955.

DECIDUOUS FRUIT BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers vested in him by section *three* of the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation No. 134 of 1951, to approve of the appointment of the undermentioned persons as members of the Deciduous Fruit Board for a period of two years, with effect from the 10th June, 1955:—

D. G. Stewart.... S. J. Rossouw.... J. C. Molteno....	Representing producers of deciduous fruit in the Cape Province.
G. P. Brits, M.P...	Representing producers of deciduous fruit in the provinces of the Orange Free State and the Transvaal.
J. van Eeden.....	Representing persons dealing with deciduous fruit in the course of the distributive trade.
Mrs. B. M. le Roux Mrs. D. Louwrens.	Representing consumers.

✱ No. 1360.] [1 Julie 1955.

AANSOEK OM BRANDMERKE.—KAAPPROVINSIE.

Hierby word ooreenkomstig die „ Brands Registration Acts " No. 12 van 1890 en No. 4 van 1897 (Kaap die Goeie Hoop) bekendgemaak dat onderstaande aansoeke om die registrasie van brandmerke ontvang is:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Adres. *Address.*	Distrik. *District.*	Brandmerk. *Brand.*
5601	A. J. P. Marais	Van den Berg, Ps./*P.B.*, Korhaanbult	Vryburg	
5602	P. Gordon	15 Martinstraat/*Street*, Mafeking	Mafeking	
5603	A. H. Dry	Posbus/*P.O. Box* 87, Vryburg	Vryburg	
5604	E. G. Terblanche	Ps./*P.B.* B. 828, Terblanche, Bushalte/*Bus Halt*, Vryburg	Vryburg	
5605	Josefu Dekane	Mafeking	Mafeking	
5606	J. Mothari	Pk./*P.O.* Masephe, Mafeking	Mafeking	
5607	William Taunyane	Pk./*P.O.* Masephe, Mafeking	Mafeking	
5608	J. I. Mothupi	Duikerbos, Pk./*P.O.* Mosephe, Mafeking	Mafeking	
5609	Aron Masibi	Posbus/*P.O. Box* 80, Mosephe, Mafeking	Mafeking	
5610	Phakalane Thwane	Posbus/*P.O. Box* 60, Mafeking	Mafeking	
5611	J. J. Badenhorst	Scheiunie, Pk./*P.O.* Sanlag	Vryburg	

✱ No. 1360.] [1 July 1955.

APPLICATION FOR BRANDS.—CAPE PROVINCE.

It is hereby notified, in terms of " Brands Registration Acts " No. 12 of 1890 and No. 4 of 1897 (Cape of Good Hope), that the undermentioned applications for the registration of brands have been received:—

No. *No.*	Naam. *Name.*	Adres. *Address.*	Distrik. *District.*	Brandmerk. *Brand.*
5601	A. J. P. Marais	Van den Berg, Ps./*P.B.*, Korhaanbult	Vryburg	
5602	P. Gordon	15 Martinstraat/*Street*, Mafeking	Mafeking	
5603	A. H. Dry	Posbus/*P.O. Box* 87, Vryburg	Vryburg	
5604	E. G. Terblanche	Ps./*P.B.* B. 828, Terblanche, Bushalte/*Bus Halt*, Vryburg	Vryburg	
5605	Josefu Dekane	Mafeking	Mafeking	
5606	J. Mothari	Pk./*P.O.* Masephe, Mafeking	Mafeking	
5607	William Taunyane	Pk./*P.O.* Masephe, Mafeking	Mafeking	
5608	J. I. Mothupi	Duikerbos, Pk./*P.O.* Mosephe, Mafeking	Mafeking	
5609	Aron Masibi	Posbus/*P.O. Box* 80, Mosephe, Mafeking	Mafeking	
5610	Phakalane Thwane	Posbus/*P.O. Box* 60, Mafeking	Mafeking	
5611	J. J. Badenhorst	Scheiunie, Pk./*P.O.* Sanlag	Vryburg	

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

✱ No. 1353.] [1 Julie 1955.

WET OP SEEVISSERYE, 1940.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *vier bis* en *elf* van die Wet op Seevisserye, 1940 (Wet No. 10 van 1940), soos gewysig, die volgende regulasies uitgevaardig het.

REGULASIES.

WET OP SEEVISSERYE, 1940.

DEEL I.

ALGEMEEN.

1. In hierdie regulasies, tensy dit strydig met die samehang is, het uitdrukkings waaraan daar in die Wet op Seevisserye, 1940, 'n betekenis gegee is, die betekenisse wat aldus daaraan gegee is, en beteken—

„ Baleinwalvis ", 'n walvis wat balein of walvisbeen in die bek het, dit wil sê 'n ander walvis as 'n tandwalvis;

„ blouwalvis ", enige walvis wat bekend staan onder die naam blouwalvis, Sibbald se vinvis of „ sulphur bottom " (*Balaenoptera* of *Sibbaldus musculus*);

„ blouwalviseenheid "—

(i) een blouwalvis; of
(ii) twee vinwalvisse; of
(iii) twee en 'n half bultrugwalvisse; of
(iv) ses seiwalvisse.

„ handelsvaartuig ", enige boot wat uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van goedere of passasiers vir winsbejag gebruik word;

„ dauhval ", enige onopgeëiste dooie walvis wat drywend gevind word;

„ fabriekskip ", 'n skip waarin of waarop walvisse geheel of gedeeltelik behandel word;

„ vinwalvis ", enige walvis wat bekend staan onder die naam gewone vinrugwalvis, gewone walvis, vinrugwalvis, haringwalvis, spitsrugwalvis of ware vinwalvis (*Balaenoptera physalus*);

„ vissershawe ", dié gedeelte van elkeen van die vissershawes genoem in Bylae G hiervan wat in vermelde Bylae omskryf word;

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

✱ No. 1353.] [1 July 1955.

SEA FISHERIES ACT, 1940.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has, under the powers vested in him by sections *four bis* and *eleven* of the Sea Fisheries Act, 1940 (Act No. 10 of 1940), as amended, made the following regulations:—

REGULATIONS.

SEA FISHERIES ACT, 1940.

PART I.

GENERAL.

1. In these regulations unless inconsistent with the context, any expression to which in the Sea Fisheries Act, 1940, a meaning has been assigned, bears the meaning so assigned thereto, and—

" baleen whale " means any whale which has baleen or whale bone in the mouth, that is any whale other than a toothed whale;

" blue whale " means any whale known by the name of blue whale, Sibbald's rorqual or sulphur bottom (*Balaenoptera or Sibbaldus musculus*);

" blue whale unit " means—

(i) one blue whale, or
(ii) two fin whales, or
(iii) two and a half humpback whales, or
(iv) six sei whales.

" commercial craft " means any boat used solely or mainly for the conveyance of goods or passengers for gain;

" dauhval " means any unclaimed dead whale found floating;

" factory ship " means a ship in which or on which whales are treated whether wholly or in part;

" fin whale " means any whale known by the name of common finback, common rorqual, finback, finner, fin whale, herring whale, razor-back or true fin whale (*Balaenoptera physalus*);

" fishing harbour " means such portion of each of the fishing harbours referred to in Schedule G hereto as is defined in the said Schedule;

„ vaalwalvis ", enige walvis wat bekend staan as vaalwalvis, „ California Grey ", „ devil fish ", „ hard head ", „ mussel digger ", „ grey back " of „ rip sack " (*Rhachianectes glaucus*);

„ bultrugwalvis ", enige walvis wat bekend staan onder die naam bultrugwalvis (*Megaptera nodosa* of *novaeangliae*);

„ landstasie ", 'n fabriek op die land of in die aangrensende territoriale waters waar of waarin walvisse geheel of gedeeltelik behandel word, en dit sluit in 'n fabriekskip waarvan die bewegings en ankerplek tot die territoriale waters van die Unie beperk is;

„ minkewalvis ", 'n walvis bekend as die kleiner vinvis, klein snawelvinvis, minkewalvis, dwergvinvis of somervinvis (*Balaenoptera acutorostrata, balaenoptera davidsoni, balaenoptera huttoni*);

„ ander vaartuig ", enige ander boot as 'n vissersboot of handelsvaartuig;

„ Groenlandse walvis ", enige walvis wat bekend staan onder die naam Atlantiese walvis, Noordpoolse walvis, Biskajewalvis, „ bowhead ", grootyswalvis, Nordkaper, Noord-Atlantiese walvis, Noord-Kaapse walvis, Stille Oseaan-walvis, Dwergwalvis, Suidelike Dwergwalvis of Suidelike walvis (*Balaena mysticetus; Eubalaena glacialis; E. Australis; Neobalaena marginata*);

„ seiwalvis ", enige walvis wat bekend staan as seiwalvis, Rudolphi se vinvis, pollakwalvis of koolviswalvis (*Balaenoptera borealis*); en sluit Bryde se walvis in (*Balaenoptera brydei*);

„ potvis ", enige walvis wat bekend staan onder die naam potvis, spermaceti-walvis of masvis (*Physeter catodon*);

„ opsigter ", die beampte wat deur die Minister aangestel is om toesig oor 'n vissershawe te hou en die gebruik daarvan te beheer en om die bepalings van Deel X van hierdie regulasies in die algemeen uit te voer;

„ tandwalvis ", 'n walvis wat tande in die kake het;

„ walvisvanger ", 'n skip wat gebruik word vir die doel om walvisse dood te maak of hulle te probeer doodmaak, maar nie 'n skip wat uitsluitlik gebruik word vir die doel om walvisse te sleep, aan hulle vas te hou of na hulle te soek nie;

„ walvisse gevang ", walvisse wat doodgemaak en òf met 'n vlag gemerk òf aan vangers vasgemaak is;

„ walvisinspekteur ", 'n beampte wat deur die Minister aangestel is vir die doeleindes van deel IX van hierdie regulasies; en

„ die Wet ", die Wet op Seevisserye, 1940.

2. Behalwe soos spesiaal bepaal word, is hierdie regulasies, ten opsigte van 'n boot of 'n fabriek wat ingevolge die Wet gelisensieer is of moet wees of ten opsigte van enige persoon of enige vis, werktuig of ander voorwerp daarop, ook buite die territoriale waters van die Unie van toepassing.

DEEL II.

LISENSIES VIR VISSERBOTE EN FABRIEKE, EN ONDERSOEK EN SERTIFISERING VAN VISSERSBOTE TEN OPSIGTE VAN SEEWAARDIGHEID.

1. Ontvangers van Inkomste is die lisensiebeamptes vir doeleindes van die Wet.

2. (*a*) Aansoeke om lisensies vir vissersbote moet in die vorm wees wat in Bylae A aangegee word, en moet in die geval van vissersbote wat vir die vang van pelsers of maasbankers gebruik gaan word, vergesel gaan van 'n aanvullende aansoek in die vorm wat in Bylae K aangegee word. Aansoeke om lisensies vir nuwe vissersbote of vir vissersbote wat nog nie geregistreer was nie, moet in tweevoud by die Direkteur van Visserye, Kusweg, Seepunt, Kaapstad, ingedien word, wat registrasiesertifikate ten opsigte van sulke bote uitreik en dit aan die applikante stuur. Lisensies vir nuwe vissersbote of vir vissersbote

" gray whale " means any whale known by the name of gray whale, California gray, devil fish, hard head, mussel digger, gray back or rip sack (*Rhachianectes glaucus*);

" humpback whale " means any whale known by the name of hunch, humpback, humpback whale, humpbacked whale, hump whale or hunchbacked whale (*Megaptera nodosa* or *novaeangliae*);

" land station " means a factory on the land, or in the territorial waters adjacent thereto, in which or at which whales are treated whether wholly or in part and shall include a factory ship, the movements and anchorage of which are confined to the territorial waters of the Union;

" minke whale " means any whale known by the name of lesser rorqual, little piked whale, minke whale, pike-headed whale or sharp headed finner (*Balaenoptera acutorostrata, balaenoptera davidsoni, balaenoptera huttoni*);

" other craft " means any boat other than a fishing boat or commercial craft;

" right whale " means any whale known by the name of Atlantic right whale, Arctic right whale, Biscayan right whale, bowhead, great polar whale, Greenland right whale, Greenland whale, Nordkaper, North Atlantic right whale, North Cape whale, Pacific right whale, pigmy right whale, Southern pigmy right whale or Southern right whale (*Balaena mysticetus; Eubalaena glacialis, E. Australis* etc., *Neobalaena marginata*);

" sei whale " means any whale known by the name of sei whale, Rudolphi's rorqual, pollack whale or coalfish whale (*Balaenoptera borealis*) and shall be taken to include Bryde's whale (*Balaenoptera brydei*);

" Sperm whale " means any whale known by the name of sperm whale, spermacet whale, cachalot or pot whale (*Physeter catodon*);

" supervisor " means the officer appointed by the Minister to supervise and control the use of any fishing harbour and generally to carry out the provisions of Part X of these regulations;

" toothed whale " means any whale which has teeth in the jaws;

" whale catcher " means a ship used for the purpose of killing or attempting to kill whales, but shall not include any ship used solely for the purpose of towing, holding on to or scouting for whales;

" whales taken " means whales that have been killed and either flagged or made fast to whale catchers;

" whaling inspector " means any officer appointed by the Minister for the purposes of Part IX of these regulations; and

" the Act " means the Sea Fisheries Act, 1940.

2. Except as is specially provided, these regulations shall, in respect of any boat or any factory licensed or required to be licensed under the Act, and of any person or any fish, implement or other matter thereon, extend beyond the territorial waters of the Union.

PART II.

LICENCES FOR FISHING BOATS AND FACTORIES, AND SURVEY AND CERTIFICATION OF FISHING BOATS AS TO SEAWORTHINESS.

1. Receivers of Revenue shall be the licensing officers for the purposes of the Act.

2. (*a*) Applications for licences for fishing boats shall be in the form set forth in Schedule A and in the case of fishing boats to be used for the catching of pilchards or maasbankers, shall be accompanied by a supplementary application in the form set forth in Schedule K. Applications for licences for new fishing boats or fishing boats not previously registered shall be lodged in duplicate with the Director of Fisheries, Beach Road, Sea Point, Cape Town, who shall issue certificates of registration in respect of such boats and forward such certificates to applicants. Licences in respect of new fishing boats or

wat nog nie geregistreer was nie, moet uitgeneem word binne veertien dae nadat die registrasiesertifikate ontvang is. Aansoeke om die hernuwing van lisensies vir vissersbote moet by die lisensiebeampte ingedien word. Lisensies vir vissersbote moet jaarliks voor of op 31 Maart hernu word.

(*b*) Geen lisensie vir 'n vissersboot, behalwe 'n boot wat vanaf 'n hawe optree wat as 'n groot of klein hawe omskryf is en wat ooreenkomstig die haweregulasies opgestel kragtens artikel *vier* van die Spoorwegen en Hawens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, 1916, ondersoek moet word, mag ooreenkomstig hierdie regulasies uitgereik of hernu word nie tensy—

(i) 'n sertifikaat van seewaardigheid, soos bepaal in regulasies 6 en 7 van hierdie deel, ten opsigte van so 'n boot uitgereik is; of

(ii) in die geval van 'n nuwe vissersboot, die skriftelike magtiging van die Direkteur van Visserye vooraf verkry is.

(*c*) Geen lisensie vir 'n vissersboot wat vir die vang van pelsers of maasbankers gebruik word of gaan word, mag uitgereik of hernu word nie, tensy 'n sertifikaat dat 'n aansoek om sodanige lisensie aanbeveel is deur die Pelser/Maasbankerbootbeperkingskomitee wat by regulasie 14 *bis* ingestel word, voorgelê word. Sodanige sertifikaat moet op aanbeveling van die Komitee deur die Direkteur van Visserye, of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, in sy hoedanigheid van Voorsitter van die Komitee verstrek word in die vorm in Bylae K aangegee en moet deur die Direkteur aan die applikant teruggestuur word. Geen gelde is ten opsigte van sodanige sertifikaat betaalbaar nie.

3. (*a*) Geen lisensie vir 'n nuwe vissersboot of vir 'n vissersboot wat nog nie registreer was nie, mag uitgereik word nie, behalwe by voorlegging van 'n sertifikaat deur die Direkteur van Visserye dat so 'n vissersboot deur hom geregistreer is.

(*b*) Lisensies vir vissersbote moet in die vorm wees wat in Bylae B aangegee word.

4. By die vasstelling van die tonnemaat van 'n vissersboot vir die doel om so 'n boot te lisensieer, moet die volgende reëls in ag geneem word:—

(*a*) Waar 'n bruto tonnemaat ingevolge enige regsbepaling aan die boot toegewys is, moet sodanige bruto tonnemaat aangeneem word as die tonnemaat vir doeleindes van die Wet;

(*b*) In alle ander gevalle moet die bruto tonnemaat volgens onderstaande vasgestel word:—

$$\frac{l \times b \times d \times \cdot 45}{100} = \text{benaderde tonnemaat.}$$

waar l die lengte in voet, b die breedte in voet en d die diepte in voet is.

Die afmetings moet as volg verkry word:—

Lengte.—Meet die lengte vanaf die voorste gedeelte van die punt van die voorstewe tot by die agterste gedeelte van dwarshout of „tuck"—agterstewe sonder paal daaraan by boonste gedeelte.

Breedte.—Meet grootste buitenste breedte van die boot.

Diepte.—Meet die diepte van skeepsruim midskeeps van onderste kant van die dek tot by die boonste kant van die vloerplanke aan die kant van die kolsem en trek dikte van plafon af.

5. As die boot gedurende die lisensiejaar verander van eienaar, skipper of naam of as die boot van een plek na 'n ander verplaas word, moet die eienaar of skipper die Direkteur van Visserye, Kusweg, Seepunt, Kaapstad, van so 'n verandering of verplasing in kennis stel in die vorm wat in Bylae C aangegee word binne 21 dae nadat sodanige verandering of verplasing plaasgevind het. In die geval van 'n verandering van eienaar moet die lisensie van die vissersboot aan die Direkteur van Visserye vir endossement ooreenkomstig regulasie 13 van hierdie deel gestuur word.

fishing boats not previously registered shall be taken out within fourteen days from the date of receipt of certificates of registration. Applications for the renewal of licences of fishing boats shall be lodged with the licensing officer. Licences for fishing boats shall be renewed not later than the 31st day of March in each year.

(*b*) No licence for a fishing boat, other than a boat operating from a port defined as a major or minor harbour and requiring to be surveyed in terms of the Harbour Regulations framed under section *four* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, 1916, shall be isued or renewed, in terms of these regulations, unless—

(i) a certificate of seaworthiness, as provided for in regulations 6 and 7 of this Part, has been issued in respect of such boat; or

(ii) in the case of a new fishing boat, the written authority of the Director of Fisheries has first been obtained.

(*c*) No licence for a fishing boat used or to be used for the catching of pilchards or maasbankers shall be issued or renewed except upon the production of a certificate to the effect that an application for such licence has been recommended by the Pilchard/Maasbanker Boat Limitation Committee established in terms of regulation 14 *bis*. Such certificate shall be furnished upon the recommendation of the Committee by the Director of Fisheries, or his duly authorised representative, in his capacity as Chairman of the Committee, in the form set forth in Schedule K and shall be returned by the Director to the applicant. No fee shall be payable in respect of such certificate.

3. (*a*) No licence for a new fishing boat or a fishing boat not previously registered shall be issued except upon the production of a certificate by the Director of Fisheries that such fishing boat has been registered by him.

(*b*) Licences for fishing boats shall be in the form set forth in Schedule B.

4. In ascertaining the tonnage of any fishing boat for the purpose of licensing such boat, the following rules shall be applied:—

(*a*) Where a gross tonnage has been assigned to the boat under any law, such gross tonnage shall be accepted as the tonnage for the purpose of the Act;

(*b*) in all other cases the gross tonnage shall be ascertained by the following formula:—

$$\frac{l \times b \times d \times \cdot 45}{100} = \text{approximate tonnage}$$

where l is the length in feet, b the breadth in feet and d the depth in feet.

The dimensions shall be obtained as follows:—

Length.—Measure the length from fore part of head of stem to after part of transom or tuck stern without post on same at upper part.

Breadth.—Measure extreme breadth of boat outside.

Depth.—Measure depth of hold amidships from under side of deck to the upper side of floor timbers at side of keelson, deducting thickness of ceiling.

5. If during the licence year there is a change of ownership, skipper or name of boat or if the boat is transferred from one place to another, the owner or skipper shall report such change or transfer, in the from set forth in Schedule C, to the Director of Fisheries, Beach Road, Sea Point, Cape Town, within twenty-one days of such change or transfer. In the case of a change of ownership, the fishing boat licence shall be forwarded to the Director of Fisheries for endorsement in terms of regulation 13 of this Part.

6. (*a*) 'n Applikant om 'n lisensie vir 'n ander vissersboot as 'n boot wat vanaf 'n hawe, wat as 'n groot of klein hawe omskryf is, optree en ooreenkomstig die Haweregulasies, opgestel kragtens artikel *vier* van die Spoorwegen en Hawens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, 1916, ondersoek moet word, moet sy boot aan ondersoek onderwerp deur 'n inspekteur wat ingevolge die Wet op Seevisserye, 1940, vir dié doel aangestel is.

(*b*) Sertifikate van seewaardigheid moet in die vorm wees wat in Bylae I aangegee word.

7. 'n Inspekteur mag nie 'n sertifikaat van seewaardigheid ten opsigte van 'n vissersboot uitreik nie, tensy die boot aan die volgende vereistes voldoen:—

(*a*) Die romp en masjinerie van die boot moet in goeie toestand en voldoende vir die bestemde diens wees; en

(*b*) die boot moet voorsien wees van die volgende toerusting:—

(i) 'n Goedgekeurde reddingsbaadjie vir elke persoon aan boord.

'n Goedgekeurde reddingsbaadjie beteken 'n baadjie van goedgekeurde materiaal en maaksel wat in staat is om 24 uur in vars water te dryf met yster van 16½ lb. gewig daaraan gehang, of enige ander goedgekeurde toestel met gelyke dryfvermoë wat aan die liggaam vasgemaak kan word. Reddingsbaadjies waarvan die dryfvermoë van vakke met lug gevul is afhang, word nie goedgekeur nie.

(ii) Twee goedgekeurde reddingsboeie in bote wat tien of minder persone dra en drie goedgekeurde reddingsboeie in bote wat meer as tien persone dra; die reddingsboeie moet op 'n toeganklike plek gehou word en wel op dek as die boot 'n dek het.

'n Goedgekeurde reddingsboei moet uit soliede kurk of ander gelykwaardige materiaal vervaardig wees. Dit moet 24 uur in vars water kan dryf met yster van 32 lb. gewig daaraan gehang. Reddingsboeie wat met biesies, kurkskaafsels, kurkkorrels of ander materiaal in die vorm van los korrels gevul is of waarvan die dryfvermoë afhang van lugvakke wat opgeblaas moet word, word nie goedgekeur nie. Alle reddingsboeie moet gryplyne hê wat stewig vasgebind is en minstens een moet 'n reddingstou hê wat ten minste 15 vaam lang is; en

(*c*) in die geval van 'n motorvissersboot moet so 'n boot van die volgende toerusting voorsien wees benewens dié wat voorgeskryf is in subparagrawe (*b*) (i) en (ii):—

(i) Doeltreffende maste, rondhoute, seile en lopende dryfwerk;
(ii) twee roeirieme of lang roeispane;
(iii) roeimikke of dolpenne;
(iv) doeltreffende stuur en stuurstok;
(v) 'n anker en ketting;
(vi) twee uitskepbakke of emmers;
(vii) 'n doeltreffende klanksinjaal;
(viii) een handpomp;
(ix) 'n doeltreffende blustoestel;
(x) een wit mastoplig en/of een tweekleurlantern met rooi en groen lig, of aparte rooi en groen bakboord- en stuurboordligte;
(xi) een wit stormlamp en genoeg olie vir 8 uur;
(xii) noodsinjaal—ses rooi ligte toegedraai in waterdigte omhulsel en in 'n geskikte kas gepak;
(xiii) Internasionale Kodevlae „N" en „C"—daglignoodsinjale;
(xiv) eerstehulpmiddele voldoende vir die doeltreffende behandeling van ligte ongevalle;
(xv) 'n doeltreffende kompas in motorbote wat toegerus is met interne motore; en

6. (*a*) Any applicant for a licence for a fishing boat other than a boat operating from a port defined as a major or minor harbour and requiring to be surveyed in terms of the Harbour Regulations framed under section *four* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, 1916, shall submit his boat for survey to an inspector appointed for that purpose under the Sea Fisheries Act, 1940.

(*b*) Certificate of seaworthiness shall be in the form set forth in Schedule I.

7. An inspector shall not issue a certificate of seaworthiness in respect of a fishing boat unless such boat conforms to the following requirements:—

(*a*) The hull and machinery of the boat are sufficient for the service intended and in good condition; and

(*b*) the boat is provided with the following equipment:—

(i) One approved life-jacket for each person on board.

An approved life-jacket shall mean a jacket of approved material and construction, which is capable of floating in fresh water for 24 hours with 16½ lb. of iron suspended from it, or any other approved appliance of equal buoyancy and capable of being fitted on the body. Life-jackets, the buoyancy of which depends on air compartments, are not approved;

(ii) two approved lifebuoys in boats carrying ten or less persons and three approved lifebuoys in boats carrying more than ten persons, such lifebuoys to be carried in a accessible position, on deck, if the boat is decked.

An approved lifebuoy shall be of solid cork or other equivalent material. It shall be capable of floating in fresh water for at least 24 hours with 32 lb. of iron suspended from it. Lifebuoys filled with rushes, cork shavings, granulated cork, or other loose granulated material, or whose buoyancy depends upon air compartments requiring inflation, are not approved. All lifebuoys shall be fitted with beckets securely seized and at least one shall be fitted with a life-line at least 15 fathoms in length; and

(*c*) in the case of a motor fishing boat, such boat is provided with the following equipment in addition to that prescribed in sub-paragraphs (*b*) (i) and (ii):—

(i) Efficient masts, spars, sails and running gear;
(ii) two cars or sweeps;
(iii) rowlocks or thole pins;
(iv) efficient rudder and tiller;
(v) anchor and chain;
(vi) two balers or buckets;
(vii) efficient sound signal;
(viii) one hand pump;
(ix) an efficient fire extinguisher;
(x) one white masthead light and either one bi-coloured red and green lantern, or separate red and green port and starboard lights;
(xi) one white hurricane lamp and sufficient oil for eight hours;
(xii) distress signal—six red lights wrapped in waterproof covering and packed in an efficient case;
(xiii) International Code Flags "N" and "C"—daylight distress signals;
(xiv) first-aid appliances sufficient for the efficient treatment of minor casualties;
(xv) an efficient compass, in motor boats fitted with internal engines; and

(*d*) in die geval van 'n vissersboot wat voortbeweeg word deur roeirieme of seile, moet die boot voorsien wees van die volgende toerusting benewens dié wat voorgeskryf is in subparagrawe (*b*) (i) en (ii):—

(i) Doeltreffende mas, rondhoute, seile en lopende dryfwerk (indien boot vir seildoeleindes gebruik sal word);
(ii) doeltreffende stuur en stuurstok;
(iii) volledige stel roeirieme en een orige;
(iv) volledige stel roeimikke of dolpenne en twee origes;
(v) anker en ketting of tou;
(vi) een uitskepbak of emmer, of handpomp;
(vii) een wit stormlamp en genoeg olie vir 8 uur;
(viii) behalwe in die geval van 'n vissersboot wat vanaf 'n moedervaartuig optree, genoeg eerstehulpmiddele vir die doeltreffende behandeling van ligte ongevalle; en

(*e*) die inspekteur moet oortuig wees dat sodanige boot in alle opsigte seewaardig is.

8. 'n Inspekteur mag te eniger tyd die eienaar van 'n vissersboot versoek om die boot aan herondersoek te onderwerp en indien na die ondersoek bevind word dat die boot onseewaardig geword het, kan die eienaar daarvan deur 'n kennisgewing wat aan hom persoonlik of per pos deur die Direkteur van Visserye gestuur word, gelas word om voornoemde boot nie te gebruik nie totdat dit tot tevredenheid van die inspekteur seewaardig gemaak is.

9. Elke lisensie vir 'n vissersboot moet uitgereik of hernu word onderworpe aan die voorwaarde—

(i) dat geen lid van die bemanning te eniger tyd 'n kind onder die ouderdom van 16 jaar mag wees nie; en
(ii) dat die getal persone, met inbegrip van die bemanning, wat op so 'n boot gedra word hoogstens die getal mag wees wat in die boot se sertifikaat van seewaardigheid voorgeskryf is.

10. Met ingang van die 1ste Januarie 1956, moet die volgende gelde deur 'n applikant om 'n sertifikaat van seewaardigheid ten opsigte van 'n vissersboot betaal word:—

(*a*) Roei- en seilbote: 5s.

(*b*) Ongedekte motorbote (met inbegrip van bote wat met buitenboordse motore toegerus is): £1. 10s.

(*c*) Gedekte motorbote: £3.

11. Aansoeke om fabriekslisensies moet in die vorm wees wat in Bylae D aangegee word. Aansoeke om lisensies vir nuwe fabrieke of fabrieke wat nog nie geregistreer was nie, moet in tweevoud by die Direkteur van Visserye, Kusweg, Seepunt, Kaapstad, ingedien word, wat registrasiesertifikate ten opsigte van sulke fabrieke sal uitreik en die sertifikate aan die applikante sal stuur. Lisensies vir nuwe fabrieke of fabrieke wat nog nie geregistreer was nie, moet uitgeneem word binne 14 dae nadat die registrasiesertifikate ontvang is. Aansoeke om die hernuwing van fabriekslisensies moet by die lisensiebeampte ingedien word. Lisensies vir fabrieke moet jaarliks voor of op 31 Maart hernu word.

12. (*a*) Geen lisensie vir 'n nuwe fabriek of 'n fabriek wat nog nie geregistreer was nie, sal uitgereik word nie behalwe by voorlegging van 'n sertifikaat van die Direkteur van Visserye dat so 'n fabriek deur hom geregistreer is.

(*b*) Fabriekslisensies moet in die vorm wees wat in Bylae E aangegee word.

(*c*) Die tonnemaat vir doeleindes van sodanige lisensie in die geval van 'n vaartuig wat as 'n fabriek gebruik word, is die bruto tonnemaat wat ingevolge enige regsbepaling aan sodanige vaartuig toegewys is.

13. Geen lisensie wat ingevolge hierdie regulasies uitgereik word, is oordraagbaar nie, behalwe met die skriftelike magtiging van die Direkteur van Visserye, wat behoorlik op so 'n lisensie aangeteken moet wees.

14. Geen lisensiehouer mag dieselfde registrasienommer op meer as een vissersboot op dieselfde tyd hê nie en ook mag 'n lisensiehouer nie 'n registrasienommer van die een boot na die ander oorbring nie.

(*d*) in the case of a fishing boat propelled by cars or sails, the boat is provided with the following equipment in addition to that prescribed in subparagraphs (*b*) (i) and (ii):—

(i) Efficient mast, spare, sails and running gear (if boat is to be used for sailing);
(ii) efficient rudder and tiller;
(iii) complete set of oars and one spare;
(iv) complete set of rowlocks or thole pins and two spares;
(v) anchor and chain or rope;
(vi) one baler or bucket or hand pump;
(vii) one white hurricane lamp and sufficient oil for eight hours;
(viii) except in the case of a fishing boat operating from a mother vessel, first aid appliances sufficient for the efficient treatment of minor casualties; and

(*e*) the inspector is satified that such boat is in all respects seaworthy.

8. An inspector may at any time call upon the owner of a fishing boat to submit such boat for re-survey, and if upon such re-survey it is found that such boat has become unseaworthy, the owner thereof may by notice served upon him either personally or through the post, by the Director of Fisheries, be directed not to use such boat until it has been rendered seaworthy to the satisfaction of the inspector.

9. Every licence for a fishing boat shall be issued or renewed subject to the condition—

(i) that no member of the crew shall at any time be a child under the age of sixteen years; and
(ii) the number of persons, including crew, carried on such boat shall not be in excess of the number prescribed by the boat's certificate of seaworthiness.

10. With effect from the 1st January, 1956, there shall be payable by the applicant for a certificate of seaworthiness in respect of a fishing boat, the following fees:—

(*a*) Rowing and sailing boats: 5s.

(*b*) Undecked motor boats (including boats fitted with outboard motors): £1. 10s.

(*c*) Decked motor boats: £3.

11. Applications for factory licences shall be in the form set forth in Schedule D. Applications for licences for new factories or factories not previously registered shall be lodged in duplicate with the Director of Fisheries, Beach Road, Sea Point, Cape Town, who shall issue certificates of registration in respect of such factories and forward such certificates to applicants. Licences in respect of new factories or factories not previously registered shall be taken out within fourteen days from the date of receipt of certigcates of registration. Applications for renewals of factory licences shall be lodged with the licensing officer. Licences for factories shall be renewed not later than the 31st day of March in each year.

12. (*a*) No licence for a new factory or a factory not previously registered shall be issued except upon the production of a certificate by the Director of Fisheries that such factory has been registered by him.

(*b*) Factory licences shall be in the form set forth in Schedule E.

(*c*) The tonnage, for the purposes of such licence, shall, in the case of a vessel used as a factory be the gross tonnage assigned to such vessel under any law.

13. No licence issued in terms of these regulations shall be transferable, except with the written authority of the Director of Fisheries, duly endorsed on such licence.

14. No licensee shall have the same registration number or more than one fishing boat at the same time, nor shall a licensee transfer a registration number from one boat to another.

15. (1) 'n Komitee wat die Pelser/Maasbankerboot-beperkingskomitee genoem sal word, word ingestel vir die doel om in verband met die uitreiking of hernuwing van lisensies vir vissersbote wat vir die vang van pelsers of maasbankers gebruik word, aanbevelings te doen.

(2) Die Komitee word deur die Minister aangestel en bestaan uit die Direkteur van Visserye of in sy hoedanigheid, die Assistent-direkteur van Visserye wat die voorsitter is, en agt ander lede met agt plaasvervangers van wie—

vier lede met vier plaasvervangers die pelser/maasbankervissers verteenwoordig; en
vier lede met vier plaasvervangers die pelser-maasbankerbewerkingsfabrieke verteenwoordig.

(3) Die lede van die Komitee, met inbegrip van die voorsitter, word vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar aangestel.

(4) Die voorsitter van die Komitee kan 'n vergadering van die Komitee belê wanneer hy dit goed ag. Uitgesonderd in die geval van dringende vergaderings moet kennis van sewe volle dae van vergaderings aan lede gegee word.

(5) Ses lede van die Komitee, met inbegrip van die voorsitter, maak 'n kworum uit en alle kwessies wat op 'n vergadering ontstaan, word by meerderheid van stemme van die teenwoordiges beslis.

(6) Geen gelde is aan lede betaalbaar ten opsigte van die bywoning van vergaderings van die Komitee nie, maar lede is geregtig tot redelike kontante uitgawes wat hulle werklik in verband met sodanige bywoning van vergaderings aangaan.

(7) 'n Amptenaar van die Departement van Handel en Nywerheid dien as Sekretaris van die Komitee en woon alle vergaderings van die Komitee by.

(8) Notule in die vorm van 'n samevatting van die besprekings op elke vergadering word gehou en sluit in die name van die lede wat op elke vergadering van die Komitee teenwoordig is, en die name van die lede wat ten gunste van of teen 'n aanbeveling wat die Komitee gedoen het, gestem het.

16. Enigeen wat—

(*a*) in gebreke bly om te voldoen aan 'n opdrag van die Direkteur van Visserye gegee ingevolge regulasie 8 van hierdie deel; of

(*b*) die eienaar of lisensiehouer van 'n vissersboot is en willens en wetens 'n boot wat nie aan die vereistes voorgeskryf in regulasie 7 van hierdie deel voldoen nie of op enige ander manier onseewaardig is, gebruik of toelaat dat dit gebruik word, ondanks die feit dat 'n sertifikaat van seewaardigheid ten opsigte van so 'n boot uitgereik is; of

(*c*) enige voorwaarde waarop 'n lisensie uitgereik of hernu is, oortree of versuim om daaraan te voldoen,

begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar soos later hierin bepaal word.

DEEL III.

MERK VAN VISSERSBOTE.

1. Niemand mag die volgende gebruik nie—

(*a*) Enige walvisvanger, tensy dit die letter „W" sowel as die registrasienommers wat die Direkteur van Visserye daaraan toegewys het, daarop het; genoemde letter en nommers moet op albei boeë aangebring wees in wit verf op 'n swart agtergrond, moet minstens 12 duim hoog, 8 duim breed en 2 duim dik wees en moet te alle tye duidelik sigbaar wees; of

(*b*) enige ander vissersboot tensy dit die registrasienommers en letters wat die Direkteur van Visserye daaraan toegewys het, daarop het; genoemde letters en nommers moet op albei boeë aangebring wees in wit verf op 'n swart agtergrond of in swart verf op 'n wit agtergrond, moet minstens 6 duim hoog, 4 duim breed en 1 duim dik wees en moet te alle tye duidelik sigbaar wees.

15. (1) There shall be established a Committee to be called the Pilchard/Maasbanker Boat Limitation Committee, for the purpose of recommending on the issue or renewal of licences for fishing boats engaged in fishing for pilchards or maasbankers.

(2) The Committee shall be appointed by the Minister and shall consist of the Director of Fisheries or in his absence the Assistant Director of Fisheries, who shall be the Chairman, and eight other members with eight alternates of whom—

four members with four alternates shall represent the pilchard/maasbanker fishermen; and
four members with four alternates shall represent the factories processing pilchards/maasbankers.

(3) Members of the Committee, including the chairman shall be appointed for a period not exceeding two years.

(4) The chairman of the Committee may, whenever he thinks fit, convene a meeting of the Committee. Except in the case of urgent meetings seven clear days notice of all meetings shall be given to members.

(5) Six members of the Committee, which must include the chairman, shall from a quorum, and all questions arising at a meeting shall be decided by a majority of the votes of those present.

(6) No fees shall be payable to members in respect of attendance at meetings of the Committee, but members shall be entitled to reasonable out of pocket expenses actually incurred in connection with such attendances.

(7) An officer of the Department of Commerce and Industries shall serve as secretary to the Committee and shall attend all the meetings of the Committee.

(8) Minutes in the form of a resumé of the discussions at each meeting shall be kept and shall include the names of members present at each meeting of the Committee, and the names of the members who voted in favour of or against any recommendation made by the Committee.

16. Any person who—

(*a*) fails to comply with a direction of the Director of Fisheries made in terms of regulation 8 of this Part; or

(*b*) being the owner or licensee of a fishing boat knowingly uses or permits such boat to be used when it does not conform to the requirements prescribed by regulation 7 of this Part or is in any other manner unseaworthy, notwithstanding the fact that a certificate of seaworthiness has been issued in respect of such boat; or

(*c*) contravenes or fails to comply with any condition subject to which a licence has been issued or renewed;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties hereinafter prescribed.

PART III.

MARKING OF FISHING BOATS.

1. No person shall use—

(*a*) any whale catcher unless it bears the letter "W" together with the registration numbers, assigned to it by the Director of Fisheries, painted in white on a black ground on both bows in characters of not less than twelve inches in height, eight inches in breadth and two inches in thickness, and at all times clearly exposed; or

(*b*) any other fishing boat unless it bears the registration numbers and letters, assigned to it by the Director of Fisheries, painted in black on a white ground or in white on a black ground on both bows in characters of not less than six inches in height, four inches in breadth and one inch in thickness and at all times clearly exposed.

DEEL IV.

BESKERMING VAN VIS EN GROOTTEBEPERKINGS.

1. Niemand mag die volgende vang, verkoop, vir verkoop uitstal, koop of besit nie:—

(*a*) 'n Wyfiekrap of -kreef (Kaapse rots- of stekelrige seekreef of kreef) wat eiers dra; of wat tekens gee dat die eiers afgestroop is;

(*b*) 'n kreef, mannetjie of wyfie, wat op die punt staan om sy dop af te werp of wat dit pas onlangs gedoen het en in 'n sagte toestand verkeer; of

(*c*) enige krap of kreef wat kleiner is as wat in regulasie 2 van hierdie deel voorgeskryf word.

2. Niemand mag enige van die volgende vissoorte wat kleiner is as wat vir die betrokke soort voorgeskryf is, vang, verkoop, vir verkoop uitstal of besit nie:—

Krap (*Scylla serrata*) of ander eetbare krappe : 4½ duim;
Kreef (*Jasus lalandii*): 3½ duim;
Dageraad (*Chrysoblephus cristiceps*): 9 duim;
Dassie, „ Blacktail " of Kolstert (*Diplodus sargus*): 6 duim;
Elf, Shad of Chad (*Pomatomus saltator*): 12 duim;
Galjoen (*Coracinus capensis*): 8 duim;
Geelbek of „ Cape Salmon " (*Atractoscion aequidens*): 16 duim;
Grunter, gevlek (*Pomadasys maculatus*): 10 duim;
Grunter, gespikkeld, „ Spotted Steenbras ", Varkie, Tjor-tjor of „ Tiger " (*Pomadasys operculare*): 12 duim;
Hottentot (*Pachymetopon blochii*): 8 duim;
Knorhaan of „ Gurnard " (*Trigla capensis*): 6 duim;
Kabeljou, „ Cob " of Kob of „ Salmon Bass " (*Johnius hololepidotus*): 16 duim;
Klipkabeljou (enige soort) (*Serranus* spp.): 12 duim;
Koningklipvis (*Genypterus capensis*): 24 duim;
Leervis of „ Garrick " (*Hypacanthus amia*): 15 duim;
Makriel of „ Mackerel " (*Scomber japonicus*): 6 duim;
Harder of Mullet (*Mugil* spp., ens.): 6 duim;
Oester (enige soort): 2 duim breed, behalwe vir herlegging;
Panga (*Pterogymnus laniarius*): 8 duim;
Perlemoen, Abalone, Venus Ear of Siffie (enige soort) (*Haliotis* spp.): 4½ duim breed;
Rooisteenbras of Geelsteenbras (*Petrus rupestris*): 12 duim;
Rooistompneus, Lucy, Michael of Miggel, Bont Dageraad, Magistraat of Rooiwitkop (*Chrysoblephus gibbiceps*): 8 duim;
Roman of „ Daggerhead " (*Chrysoblephus laticeps*): 8 duim;
Sancord or Jacopever (*Helicolenus maculatus*): 6 duim;
Sandvis (*Platycephalus indicus*): 12 duim;
Skotsman of „ Scotchman " (*Polysteganus praeorbitalis*): 8 duim;
Vier-en-sewentig (*Polysteganus undulosus*): 10 duim;
Silwervis, „ Carpenter " of Doppie (*Argyrozona argyrozona*): 9 duim;
Slinger (*Chrysoblephus puniceus*): 9 duim;
Wittevis of „ Soldier " (*Cheimerius nufar*): 9 duim;
Snoek (*Thyrsites atun*): 24 duim;
Tongvis (Ooskus of Agulhas) (*Austroglossus pectoralis*): 12 duim;
Stokvis (*Merluccius capensis*): 20 duim;
Wit of Riviersteenbras, Varkbek of „ Pignose Grunter " (*Lithognathus lithognathus*): 12 duim;
Witstompneus (*Rhabdosargus globiceps*): 8 duim;
Blouwalvis (*Balaenoptera* of *Sibbaldus musculus*): 70 voet;
Vinwalvis (*Balaenoptera physalus*): 57 voet;
Bultrugwalvis (*Megaptera nodosa* of *novaeangliae*): 35 voet;
Potvis (*Physeter catodon*): 38 voet;
Seiwalvis (*Balaenoptera borealis* en *Balaenoptera brydei*): 40 voet;

met dien verstande dat blouwalvisse wat nie minder as 65 voet, vinwalvisse wat nie minder as 55 voet, seiwalvisse

PART IV.

PROTECTION OF FISH AND SIZE LIMITS.

1. No person shall capture, sell, expose for sale, purchase or be in possession of—

(*a*) any female crab or rock lobster (Cape Rock or Spiny Lobster or Kreef) in berry, or showing signs of having been stripped of the berry;

(*b*) any rock lobster, male or female, which is about to or has recently cast its shell and is in a soft condition; or

(*c*) any crab or rock lobster of a size less than that prescribed in regulation 2 of this Part.

2. No person shall capture, sell or expose for sale or be in possession of any of the following species of fish of a size less than the size specified for the species concerned:—

Crab (*Scylla serrata*) or other edible crabs: 4½ inches;
Rock lobster or Kreef (*Jasus lalandii*): 3½ inches;
Dageraad (*Chrysoblephus cristiceps*): 9 inches;
Dassie, Blacktail or Kolstert (*Diplodus sargus*): 6 inches;
Elf, Shad or Chad (*Pomatomus saltator*): 12 inches;
Galjoen (*Coracinus capensis*): 8 inches;
Geelbek or Cape Salmon (*Atractoscion aequidens*): 16 inches;
Grunter, Blotched (*Pomadasys maculatus*): 10 inches;
Grunter, Spotted, Spotted Steenbras, Varkie, Chor-Chor or Tiger (*Pomadasys opercularis*): 12 inches;
Gurnard or Knorhaan (*Trigla capensis*): 6 inches;
Hottentot (*Pachymetopon blochii*): 8 inches;
Kabeljou, Cob or Kob or Salmon Bass (*Johnius hololepidotus*): 16 inches;
Kingklip (*Genypterus capensis*): 24 inches;
Leervis or Garrick (*Rypacanthus amia*): 15 inches;
Mackerel or Makriel (*Scomber japonicus*): 6 inches;
Mullet or Harder (*Mugil* spp. etc.): 6 inches;
Oyster (any species): 2 inches in width, except for purposes of relaying;
Panga (*Pterogymnus laniarius*): 8 inches;
Perlemoen, Abalane, Venus Ear or Siffie (any species) (*Haliotis* spp.) 4½ inches in width;
Red Steenbras or Yellow Steenbras (*Petrus rupestris*): 12 inches
Red Stumpnose, Lucy, Michael or Miggel, Bont Dageraad, Magistraat or Rooiwitkop (*Chrysoblephus gibbiceps*): 8 inches;
Rock-Cod (any species (*Serranus* spp.): 12 inches;
Roman or Daggerhead (*Chrysoblephus laticeps*): 8 inches;
Sancord or Jacopever (*Helicolenus maculatus*): 6 inches;
Sand Fish (*Platycephalus indicus*): 12 inches;
Scotsman (*Polysteganus praeorbitalis*): 8 inches;
Seventy-four (*Polysteganus undulosus*): 10 inches;
Silverfish, Carpenter or Doppie (*Argyrozona argyrozona*): 9 inches;
Slinger (*Chrysoblephus puniceus*): 9 inches;
Soldier or Wittevis (*Cheimerius nufar*): 9 inches;
Snoek (*Thyrsites atun*): 24 inches;
Sole (East Coast or Agulhas) (*Austroglossus pectoralis*): 12 inches;
Stockfish (*Merluccius capensis*): 20 inches;
White or River Steenbras, Varkbek or Pignose Grunter (*Lithognathus lithonathus*): 12 inches;
White Stumpnose (*Rhabdosargus globiceps*): 8 inches;
Blue Whale (*Balaenoptera* or *Sibbaldus musculus*): 70 feet;
Fin Whale (*Balaenoptera physalus*): 57 feet;
Humpback Whale (*Megaptera nodosa* or *novaeangliae*): 35 feet;
Sperm Whale (*Physeter catodon*): 38 feet;
Sei Whale (*Balaenoptera borealis* and *balaenoptera brydei*): 40 feet;

provided that blue whales of not less than 65 feet, fin whales of not less than 55 feet, sei whales of not less than

wat nie minder as 35 voet en potvisse wat nie minder as 35 voet lank is nie, vir aflewering na landstasies geneem kan word as die vleis daarvan vir gebruik as voedsel vir mens of dier bedoel is.

3. Onderstaande metodes moet gebruik word vir die meet van visse:—

(*a*) Krewe moet gemeet word langs 'n reguit lyn wat langs die middelruglyn van die pantser, skild of skulp loop vanaf die rostrum of middelvoorstekel, tot by die middel van die dorsale of bo-agterdeel van die pantser;

(*b*) krappe moet oor die breedste deel van die rug gemeet word;

(*c*) walvisse moet in die rushouding op dek of op 'n platvorm so noukeurig moontlik gemeet word met 'n staalmeetband wat aan die nulend 'n penhandvatsel het wat gelyk teenoor een uiteinde van die walvis in die dekplank gesteek kan word. Die meetband word ewewydig met die walvis se lyf in 'n reguit lyn gestrek, waarna die aflesing gelyk teenoor die ander uiteinde van die walvis gedoen word. Vir sover dit hierdie meetwerk betref, is die uiteindes van die walvis die punt van die bokaak en die keep tussen die stertvinne. Nadat die afmetings noukeurig op die meetband afgelees is, word hulle tot die naaste voet afgerond; d.w.s. as 'n walvis tussen 75 voet 6 dm. en 76 voet 6 dm. lank is, word sy lengte as 76 vt. opgegee, terwyl sy lengte as 77 vt. opgegee word as hy tussen 76 vt. 6 dm. en 77 vt. 6 dm. lank is. As die lengte van 'n walvis presies op 'n halfvoet val word dit 'n halfvoet hoër opgegee; 76 vt. 6 dm. presies word bv. as 77 vt. opgegee;

(*d*) oesters moet nie deur 'n ring waarvan die deursnee (binnemaat) 2 duim is kan gaan nie;

(*e*) perlemoen moet nie deur 'n ring waarvan die deursnee (binnemaat) 4½ duim is, kan gaan nie; en

(*f*) alle ander visse moet langs 'n reguit lyn langs die sy vanaf die punt van die snuit tot by die uiterste punt van die stert of stertvin gemeet word.

4. Enigeen wat 'n vaalhaai vang moet so 'n haai in 'n heel toestand aan wal bring.

DEEL V.

TERUGPLAAS IN DIE SEE VAN KREWE OF KREEFAFVAL OF SNOEK OF SNOEKAFVAL.

1. Enigeen wat 'n kreef vang wat nie eiers dra nie of wat nie volgens deel IV onder die maat is nie, moet so 'n kreef in 'n heel toestand aan wal bring.

2. Niemand mag 'n kreef wat uit 'n vissersboot gevang is of enige deel van so 'n kreef of enige afval van so 'n kreef in die see terugplaas nie; met dien verstande dat—

(*a*) die bepalings van hierdie regulasie nie belet dat 'n kreef wat in stryd met regulasie 1, deel IV, gevang is in die see teruggeplaas word nie;

(*b*) dit nie verbied word om kreefafval in die see terug te plaas nie in—

(i) daardie gedeelte van Tafelbaai wat noordwes van 'n lyn getrek vanaf die end van die breekwater tot by die baken teenoor Rietvlei geleë is;

(ii) daardie gedeelte van die territoriale waters wat begrens word deur die kuslyn vanaf die punt genoem York Point (of Die Puntjie) tot by die mond van Houtbaairivier, en deur 'n reguit lyn getrek vanaf die mond van Houtbaairivier tot by York Point (of Die Puntjie);

(iii) daardie gedeelte van die territoriale waters bekend as John Owen's Bay, geleë naby Port Nolloth.

3. Niemand mag 'n snoek wat uit 'n vissersboot gevang is, of enige deel van so 'n snoek of enige afval van so 'n snoek in die see terugplaas nie in die gebied begrens deur die kuslyn ooswaarts van Stompneuspunt tot die westelike oewer van die Bergriviermond; daarvandaan in 'n reguit lyn noordwaarts oor 'n afstand van een myl tot by 'n punt in die see; daarvandaan in 'n reguit lyn in 'n noordwestelike rigting tot by 'n punt in die see een myl reg

35 feet and sperm whales of not less than 35 feet in length may be taken for delivery to land stations if the meat of such whales is to be used for consumption as human or animal food.

3. The following methods shall be adopted for the measurement of fish:—

(*a*) Rock lobster shall be measured along a straight line passing in the middle dorsal line of the carapace, shield or shell, from the rostrum or middle anterior spine, to the middle of the dorsal or upper posterior part of the carapace;

(*b*) crabs shall be measured across the broadest part of the back;

(*c*) whales shall be measured when at rest on deck or platform, as accurately as possible by means of a steel tape measure fitted at the zero end with a spiked handle which can be stuck into the deck planking abreast of one end of the whale. The tape measure shall be stretched in a straight line parallel with the whale's body and read abreast the other end of the whale. The ends of the whale, for measurement purposes, shall be the point of the upper jaw and the notch between the tail flukes. Measurements, after being accurately read on the tape measure, shall be logged to the nearest foot; that is to say, any whale between 75 ft. 6 in. and 76 ft. 6 in. shall be logged as 76 ft. and any whale between 76 ft. 6 in. and 77 ft. 6 in. shall be logged as 77 ft. The measurement of any whale which falls on an exact half foot shall be logged at the next half foot, e.g. 76 ft. 6 in. precisely, shall be logged as 77 ft.

(*d*) oysters shall not be able to pass through a ring two inches in diameter, inside measurement;

(*e*) perlemoen shall not be able to pass through a ring 4½ inches in diameter, inside measurement; and

(*f*) all other fish shall be measured along a straight line along the side from the tip of the snout to the extreme end of the tail or caudal fin.

4. Any person who captures any Vaalhaai shark shall land such shark in a whole state.

PART V.

RETURN TO THE SEA OF ROCK LOBSTER OR ROCK LOBSTER OFFAL OR SNOEK OR SNOEK OFFAL.

1. Any person who captures any rock lobster not in berry or not undersized in terms of Part IV shall land such rock lobster in a whole state.

2. No person shall return to the sea any rock lobster captured from any fishing boat or any part of such rock lobster or any offal of such rock lobster; provided that—

(*a*) the provisions of this regulation shall not prohibit the return to the sea of any rock lobster captured in contravention of regulation 1, Part IV;

(*b*) the return to the sea of rock lobster offal shall not be prohibited in—

(i) that portion of Table Bay lying to the northwest of a line drawn from the end of the breakwater to the beacon opposite Riet Vlei;

(ii) that portion o fthe territorial waters bounded by the coast line from the point called York Point (or the Puntjie) to the mouth of the Hout Bay River and by a straight line drawn from the mouth of the Hout bay River to York Point (or the Puntjie);

(iii) that portion of the territorial waters known as "John Owen's Bay", situated near Port Nolloth.

3. No person shall in the area bounded by the coast line east from Stompneus Point to the western side of the Berg River Mouth; thence in a straight line due north for one mile to a point in the sea; thence in a straight line in a north-westerly direction to a point in the sea one mile due north of Stompneus Point; thence in a straight line one mile due south to Stompneus Point return to the

noord van Stompneuspunt; daarvandaan in 'n reguit lyn een myl reg suid tot by Stompneuspunt; met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie belet dat 'n snoek wat in stryd met regulasie 2, deel IV, gevang is, in die see teruggeplaas word nie.

DEEL VI.

VERSAMEL VAN KRAPPE, OESTERS, MOSSELS, PERLEMOEN, GARNALE, SKEERMESGAPERMOSSELS („PENKNIFE"- OF „PENCIL"-AAS) EN ROOI-AAS.

1. Niemand mag oesters, swart mossels of rooi-aas verwyder of versamel nie behalwe met die hand of met 'n werktuig waarvan die mes of kant hoogstens 1½ duim breed mag wees.

2. Niemand mag wit mossels met 'n graaf of skopgraaf verwyder nie.

3. (*a*) Niemand mag—

(i) rooi-aas of oesters, oesterskulpe, broeisel of kuit van die Transkeise gebiede;
(ii) rooi-aas van die Afdeling Komgha en Malmesbury;
(iii) rooi-aas, krappe, bloedwurms (*Arenicola* spp.) of garnale, insluitende moddergarnale (*Crustacea*) van die Afdeling Knysna;
(iv) rooi-aas, krappe, bloedwurms (*Arenicola* spp.), mosselwurms (Nereide wurm) of mossels van die Afdeling George;

sonder skriftelike toestemming van die Direkteur van Visserye verwyder of vervoer nie.

(*b*) Niemand mag—

(i) mossels in die Afdelings Port Elizabeth en Alexandria na enige plek verder as tien myl vanaf die plek waar dit versamel word, verwyder of vervoer nie; of
(ii) mossels van die streek tussen Shell Lime-punt en Die Kelders in die Afdeling Caledon na enige plek verder as vyftien myl na die binneland vanaf die plek waar dit versamel word, verwyder of vervoer nie.

4. Behalwe kragtens die magtiging van en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur die Ontvanger van Inkomste of 'n Posmeester in die distrik waarin oesters versamel mag word, mag niemand oesters versamel nie; met dien verstande dat vir die versameling van sodanige oesters deur iemand vir sy eie gebruik, in hoeveelhede van hoogstens twaalf per dag, geen permit nodig is nie. Permitte word uitgereik ooreenkomstig die vorm soos in Bylae F uiteengesit en verleen slegs aan die houer daarvan die reg om oesters te versamel. Die gelde vir elkeen van die genoemde permitte is tien sjielings en die permitte is geldig vir die tydperk soos daarin vermeld.

5. Niemand mag langs ondervermelde seekus en in die aangrensende territoriale waters oesters, oesterskulpe broeisel of kuit versamel of versteur nie—

(*a*) in die Afdelings, Alexandria, Oos-Londen, Heidelberg, Riversdal en Swellendam;

(*b*) in die Afdeling Bredasdorp, tussen die mond van Uilkraalrivier (Uilkraalmond) en Quoinpunt; of

(*c*) in die Afdeling Port Elizabeth—

(i) in die streek aan die suide begrens deur die laagwaterlyn, aan die noorde begrens deur die hoogwaterlyn, aan die ooste deur die verlenging in sy suidelike rigting van die westelike grens van die plaas Hougham Park, synde die resterende gedeelte van die plaas Samsonskraal, en aan die weste deur 'n lyn 200 jaarts van en parallel met die westelike grens van die plaas Hougham Park; en
(ii) in die streek aan die suide begrens deur 'n lyn 100 jaarts van en parallel met die laagwaterlyn aan die noorde deur die hoogwaterlyn, aan die weste deur 'n lyn 1,033 jaarts oos van en parallel met die westelike grens van die plaas Hougham Park en aan die ooste deur 'n lyn 1,183 jaarts oos van en parallel met die westelike grens van die plaas Hougham Park.

sea any snoek captured from any fishing boat or any part or offal of such snoek; provided that the provisions of this regulation shall not prohibit the return to the sea of any snoek captured in contravention of regulation 2, Part IV.

PART VI.

COLLECTION OF CRABS, OYSTERS, MUSSELS, PERLEMOEN, PRAWNS, RAZOR CLAMS (PENCIL OR PEN-KNIFE BAIT) AND RED BAIT.

1. No person shall remove or collect oysters, black mussels or red bait except by hand or by means of an implement, the blade or edge of which does not exceed 1½ inches in width.

2. No person shall remove white mussels by means of a spade or shovel.

3. (*a*) No person shall transport or convey—

(i) red bait or oysters, oyster shells, brood or spawn from the Transkeian Territories;
(ii) red bait from the Divisions of Komgha and Malmesbury;
(iii) read bait, crabs, bloodworm (*Arenicola* spp.) or any prawns including mud prawns (*Crustacea*) from the Division of Knysna;
(iv) red bait, crabs, bloodworm (*Arenicola* spp.), mussel worm (Nereid worm) or mussels from the Division of George;

except with the written authority of the Director of Fisheries.

(*b*) No person shall transport or convey—

(i) mussels in the Divisions of Port Elizabeth and Alexandria to any point more than ten miles from the point where they were collected; or
(ii) mussels from the area between Shell Lime Point and Die Kelders in the Division of Caledon to any point more than fifteen miles inland from the point where they were collected.

4. No person shall collect oysters except under the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by the Receiver of Revenue or any Postmaster in the district in which the oysters are to be collected; provided that no permit shall be required for the collection by a person of such oysters for his own use in quantities not exceeding twelve per day. Permits shall be in the from set forth in Schedule F, and shall entitle only the holder thereof to collect oysters. The fee for each of the said permits shall be ten shillings and the permits shall be valid for the periods stated therein.

5. No person shall collect or disturb oysters, oyster shells, brood or spawn along the seashore and in the adjoining territorial waters—

(*a*) in the Divisions of Alexandria, East London, Heidelberg, Riversdale and Swellendam;

(*b*) in the Division of Bredasdorp, between the mouth of the Uilenkraal River (Uilenkraalmond) and Quoin Point; or

(*c*) in the Division of Port Elizabeth—

(i) in the area bounded on the south by the low water mark, on the north by the high water mark, on the east by the prolongation in its southerly direction of the western boundary of the farm Houghan Park, being the remaining extent of the farm Samson's Kraal, and on the west by a line 200 yards from and parallel to the western boundary of the farm Hougham Park; and
(ii) in the area bounded on the south by a line 100 yards from and parallel to the low water mark, on the north by the high water mark, on the west by a line 1,033 yards east of and parallel to the western boundary of the farm Hougham Park, and on the east side by a line 1,183 yards east of and parallel to the western boundary of the farm Hougham Park.

6. (*a*) Niemand mag perlemoen, abalone, Venus ear of siffie (enige soort) (*Haliotis* spp.) op die strand langs die seekus tussen die Oranje- en die Groot-Keirivier in die Provinsie Kaap die Goeie Hoop, of in die aangrensende territoriale waters versamel nie, behalwe kragtens die magtiging van en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit ooreenkomstig die vorm in Bylae J, en aan hom uitgereik deur die Ontvanger van Inkomste van die distrik waarin of wat grens aan die territoriale waters waarin sodanige perlemoen, abalone, Venus ear of siffie versamel mag word; met dien verstande dat vir die versameling van sodanige perlemoen, abalone, Venus ear of siffie deur iemand vir sy eie gebruik, in hoeveelhede van hoogstens vyf per dag, hetsy vanuit 'n vissersboot of op 'n ander manier, geen permit nodig is nie.

(*b*) 'n Permit waarna in subregulasie (*a*) verwys word, word teen betaling van £1 uitgereik en verval op die 31ste dag van Desember van die jaar waarvoor dit uitgereik is.

7. Niemand mag skeermesgapermossels (*Solen* spp.) (ook bekend as „ penknife "- of „ pencil "-aas) tussen die laagwaterlyn en die hoogwaterlyn in die streek aan die suide begrens deur die Noordhoof van Saldanhabaai en aan die noorde deur die suidelike kant van die Oranjeriviermond versamel nie, behalwe kragtens en onderworpe aan die voorwaardes van 'n permit uitgereik deur die Direkteur van Visserye; met dien verstande dat vir die versameling van sodanige skeermesgapermossels deur iemand vir sy eie gebruik, in hoeveelhede van hoogstens vyftig per dag, geen permit nodig is nie.

8. (*a*) Niemand mag langs die seekus in die Afdeling Knysna en in die aangrensende territoriale waters garnale, insluitende moddergarnale (*Crustacea*) versamel of versteur nie, maar enigeen mag hoogstens 50 garnale per dag met 'n blaaspyp of blik versamel.

(*b*) Niemand mag langs die seekus in die Afdeling Knysna en in die aangrensende territoriale waters, rooiaas of bloedwurms (*Arenicola* spp.) versamel nie, behalwe rooi-aas in hoeveelhede van hoogstens 4 pond of 12 bloedwurms per dag, en slegs uitsluitlik vir visvangs in die Afdeling Knysna.

9. Niemand mag langs die seekus in die Afdeling Oos-Londen en in die aangrensende territoriale waters garnale, insluitende moddergarnale (*Crustacea*), skeermesgapermossels (*Solen* spp.) (ook bekend as „ penknife "- of „ pencil "-aas) of rooi-aas versamel of versteur nie; met dien verstande dat garnale en skeermesgapermossels in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag en rooi-aas in hoeveelhede van hoogstens 4 pond per dag vir aas-doeleindes versamel mag word.

10. (*a*) Niemand mag langs die seekus in die Afdeling George en in die aangrensende territoriale waters bloedwurms (*Arenicola* spp.) of mosselwurms (Nereïde wurm) behalwe vir aas, en in hoeveelhede van hoogstens 12 bloedwurms, of 36 mosselwurms per dag, versamel nie. Bloedwurms of mosselwurms wat aldus versamel word mag nie verkoop of te koop aangebied word nie.

(*b*) Niemand mag langs die seekus in die Afdeling George en in die aangrensende territoriale waters rooi-aas, behalwe vir aas, in hoeveelhede van hoogstens 4 pond per dag versamel nie, of vir verkoop as aas kragtens die magtiging van en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur die Sekretaris van die Afdelingsraad George, namens die Direkteur van Visserye. Rooi-aas wat aldus versamel word mag slegs uit die streek gewoonlik bekend as Swartvlei verwyder word.

(*c*) Niemand wat in die Afdeling George krappe versamel, mag dit verkoop of te koop aanbied nie.

11. Niemand mag langs ondervermelde seekus en in die aangrensende territoriale waters mossels versamel of versteur nie—

(*a*) vanaf Shell Lime-punt tot by Die Kelders in die Afdeling Caledon, behalwe vir aas en kragtens die magtiging van en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur die Direkteur van Visserye of deur die Stadsklerk, Hermanus, op las van die Direkteur van Visserye, of die Vissershaweopsigter, Gansbaai, op las van die Direkteur van Visserye;

6. (*a*) No person shall collect perlemoen, abalone, Venus ear or siffie (any species) (*Haliotis* spp.), on the seashore along the coast between the Orange and the Great Kei Rivers in the Province of the Cape of Good Hope, or in the adjoining territorial waters, except on the authority of and subject to the conditions set forth in a permit in the form set out in Schedule J, and issued to him by the Receiver of Revenue of the district in which, or which adjoins the territorial waters in which, such perlemoen, abalone, Venus ear or siffie is to be collected; provided that no permit shall be required for the collection by a person of such perlemoen, abalone, Venus ear or siffie for his own use in quantities not exceeding five per day, whether from a fishing boat or otherwise.

(*b*) A permit referred to in sub-regulation (*a*) shall be issued upon payment of a fee of £1 and shall expire on the 31st day of December of the year for which it is issued.

7. No person shall collect razor clams (*Solen* spp.), (otherwise known as pen-knife or pencil bait) between the low water mark and the high water mark in the area bounded in the south by the North Head of Saldanha Bay and in the north by the southern side of the Olifants River Mouth except under the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by the Director of Fisheries; provided that no permit shall be required for the collection by any person of such razor clams for his own use in quantities not exceeding fifty per day.

8. (*a*) No person shall, along the seashore in the Division of Knysna and in the adjoining territorial waters, collect or disturb any prawns including mud prawns (*Crustacea*) but the collection by any person of not more than 50 prawns per day by means of a blow-tube pipe or tin shall be permitted.

(*b*) No person shall, along the seashore in the Division of Knysna and in the adjoining territorial waters, collect red bait or bloodworm (*Arenicola* spp.) except in quantities not exceeding 4 lb. of red bait or 12 bloodworms per day for use for fishing solely in the Division of Knysna.

9. No person shall collect or disturb any prawns including mud prawns (*Crustacea*), razor clams (*Solen* spp.) (otherwise known as pen-knife or pencil bait) or red bait along the seashore in the Division of East London and in the adjoining territorial waters; provided that prawns and razor clams in quantities not exceeding 50 per day and red bait in quantities not exceeding 4 lb. per day may be collected for bait purposes.

10. (*a*) No person shall collect bloodworm (*Arenicola* spp.) or mussel worm (Nereid worm) along the seashore in the Division of George and in the adjoining territorial waters except for bait and in quantities not exceeding 12 bloodworms or 36 mussel worms per day. Any bloodworm or mussel worm so collected shall not be sold or offered for sale.

(*b*) No person shall collect red bait along the seashore in the Division of George and in the adjoining territorial waters except for bait in quantities not exceeding 4 lb. per day, or for sale as bait under the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by the Secretary of the Divisional Council of George on behalf of the Director of Fisheries. Red bait so collected shall be taken only from the area commonly known as Swartvlei.

(*c*) No person collecting crabs in the Division of George shall sell or offer such crabs for sale.

11. No person shall collect or disturb mussels along the seashore and in the adjoining territorial waters—

(*a*) from Shell Lime Point to Die Kelders in the Division of Caledon, except for bait and under the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by the Director of Fisheries or by the Town Clerk, Hermanus, on the direction of the Director of Fisheries, or the Fishing Harbour Supervisor, Gansbaai, on the direction of the Director of Fisheries;

(*b*) in die Afdeling Alexandria, behalwe vir aas en in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag, kragtens die magtiging van en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur 'n Erevisserybeampte van die Afdeling Alexandria; of

(*c*) in die Afdelings Bathurst, Bredasdorp, Oos-Londen, George, Komgha en Peddie, behalwe vir aas en in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag;

(*d*) in die Afdelings Piketberg en Clanwilliam, tussen die mond van die Bergrivier en 'n punt 9 myl noord van Baboonpunt, geleë reg wes van die Elandsberge Driehoekopmetingstasie, behalwe vir aas en in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag, of kragtens en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur die Direkteur van Visserye;

(*e*) tussen Bokpunt in die Afdeling Malmesbury, as noordelike grens, en die mond van die Tweede Soutrivier (of Dieprivier) in die Afdeling Kaap, as suidelike grens, behalwe vir aas en in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag, of kragtens en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur die Direkteur van Visserye;

(*f*) in die Afdeling Port Elizabeth, behalwe vir aas en in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag, kragtens en onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n permit uitgereik deur 'n erevisserybeampte van die Afdeling Port Elizabeth; of

(*g*) in die Afdeling Stellenbosch.

12. Niemand mag in die Afdeling Knysna—

(i) swart mossels; of

(ii) wit mossels, behalwe vir aas en in hoeveelhede van hoogstens 50 per dag, versamel of versteur nie. Wit mossels wat aldus versamel word, mag slegs in die Afdeling Knysna gebruik word.

DEEL VII.

OMSKRYWING EN GROOTTES VAN NETTE.

1. Niemand mag gebruik maak van 'n seën, beurs-, dryf- of stelnet met 'n maas wat wanneer die net nat is en nadat dit met bloed of looistof bewerk is, kleiner as $1\frac{3}{4}$ duim uitgestrek is (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van $\frac{7}{8}$ duim; met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie op kreefnette van toepassing is nie.

2. Vir doeleindes van vangs met nette in die gebied wat in regulasie 11, deel VIII, omskryf word, beteken trekseëns nette wat aan die volgende beskrywing voldoen:—

Lengte, hoogstens 100 vaam.
Diepte, in enige deel van net, hoogstens 4 vaam.
Maas, minstens $1\frac{3}{4}$ duim uitgestrek (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van $\frac{7}{8}$ duim wanneer die net nat is en nadat dit met bloed of looistof bewerk is; en
Stok, aan elke punt van net, met lood beswaar.

3. Niemand mag 'n sleepnet, wat nie aan die volgende beskrywing voldoen nie, op 'n vissersboot hê of vir visvangs in enige waters langs die kus tussen die middaglyn 18° 30′ oos en die grens van die Unie van Suid-Afrika en Portugees Oos-Afrika gebruik nie:—

(*a*) Die maas in enige gedeelte wat nie in paragraaf (*b*) genoem word nie van 'n sleepnet van enige grootte moet minstens $2\frac{1}{2}$ duim uitgestrek wees (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van $1\frac{1}{4}$ duim;

(*b*) die maas van die reguit gedeelte van die sakend moet in beide agterste of boonste helfte en buik- of onderste helfte van 'n sleepnet van enige grootte minstens 3 duim uitgestrek wees (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van $1\frac{1}{2}$ duim.

(*b*) in the Division of Alexandria, except for bait and in quantities not exceeding 50 per day, on the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by an Honorary Fisheries Officer of the Division of Alexandria; or

(*c*) in the Divisions of Bathurst, Bredasdorp, East London, George, Komgha en Peddie except for bait and in quantities not exceeding 50 per day;

(*d*) in the Divisions of Piketberg and Clanwilliam, between the mouth of the Berg River and a point 9 miles north of Baboon Point, situated due west of Elandsberg Trigonometrical Station, except for bait and in quantities not exceeding 50 per day, or on the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by the Director of Fisheries;

(*e*) between, as a northern limit, Bok Point in the Division of Malmesbury and, as a southern limit, the mouth of the Second Salt River (or Diep River) in the Division of the Cape, except for bait and in quantities not exceeding 50 per day, or on the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by the Director of Fisheries;

(*f*) in the Division of Port Elizabeth except for bait and in quantities not exceeding 50 per day on the authority of and subject to the conditions set forth in a permit issued by an Honorary Fisheries Officer of the Port Elizabeth Division; or

(*g*) in the Division of Stellenbosch.

12. No person shall, in the Division of Knysna, collect or disturb—

(i) black mussels; or

(ii) white mussels, except for bait and in quantities not exceeding 50 per day. White mussels so collected shall be used only in the Division of Knysna.

PART VII.

DEFINITIONS AND SIZES OF NETS.

1. No person shall use any seine, purse, drift or set net with a mesh measuring, when the net is wet and after it has been blooded or tanned, less than $1\frac{3}{4}$ inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e. $\frac{7}{8}$ inch bar: Provided that the provisions of this regulation shall not apply to rock lobster nets.

2. For the purpose of netting in the area described in regulation 11, Part VIII, trek-seine nets shall mean nets conforming to the following description:—

Length, not exceeding 100 fathoms.
Depth, in any part of net, not more than 4 fathoms.
Mesh, not less than $1\frac{3}{4}$ inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e. $\frac{7}{8}$ inch bar, when the net is wet and after it has been blooded or tanned, and

Pole, at each end of net, weighted with lead.

3. No person shall carry on any fishing boat or use for the purpose of catching fish in any waters along the coast between the meridian 18° 30′ east and the boundary of the Union of South Africa and Portuguese East Africa, any trawl-net which does not conform to the following description:—

(*a*) The mesh in any part, not referred to in paragraph (*b*), of any size of trawl-net, to be not less than $2\frac{1}{2}$ inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e., $1\frac{1}{4}$ inches bar;

(*b*) the mesh of the straight part of the cod-end, both back or upper-half and belly or lower-half, of any size of trawl-net, to be not less than 3 inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e., $1\frac{1}{2}$ inches bar.

4. Niemand mag 'n sleepnet, wat nie aan die volgende beskrywing voldoen nie, op 'n vissersboot hê of vir visvangs in enige waters langs die kus tussen die middaglyn 18° 30′ oos en die Oranjeriviermond gebruik nie:—

(*a*) Die maas in enige gedeelte, wat nie in paragraaf (*b*) genoem word nie, van 'n sleepnet van enige grootte moet minstens 2½ duim uitgestrek wees (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van 1¼ duim;

(*b*) die maas van die reguit gedeelte van die sakend moet in beide agterste of boonste helfte en buik- of onderste helfte van 'n sleepnet van enige grootte minstens 4 duim uitgestrek wees (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van 2 duim.

5. Niemand mag gebruik maak van enige haaikieunet met 'n maas van kleiner as 9 duim uitgestrek (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van 4½ duim.

6. Ondanks die bepalings van regulasie 1 van hierdie deel mag niemand gebruik maak van enige net vir die vang van pelsers (*Sardinops ocellata*) en maasbankers (*Trachurus trachurus*) met 'n maas wat, wanneer die net nat is en nadat dit met bloed of looistof bewerk is, minder as 1½ duim uitgestrek is (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van ¾ duim.

DEEL VIII.

VANGS MET NETTE.

1. (*a*) Niemand mag 'n span-, stel- of dryfnet gebruik binne 'n afstand van twee seemyl seewaarts vanaf die kus of strand en gemeet vanaf die laagwatermerk tydens gewone springvloede, voor enige visgronde waar trekseëns gebruik word nie.

(*b*) Niemand mag 'n stelnet gebruik binne die gebied wat as volg begrens word nie: Deur die kuslyn noordwes van Quoinpunt af tot by Kaap Hangklip; daarvandaan in 'n reguit lyn suid (geografies) of 180° (geografies) oor drie myl tot by 'n punt in die see; daarvandaan in 'n reguit lyn en in 'n suid-oostelike rigting tot by 'n punt in die see drie myl suidwes (geografies) of 225° (geografies) van Quoinpunt af; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by die beginpunt by Quoinpunt.

2. Niemand mag 'n boot anker of 'n ander versperring in 'n erkende trekgrond op so 'n wyse plaas dat dit die wettige gebruik van so 'n trekgrond vir visvangs belemmer nie.

3. Niemand mag 'n skool harders van koers laat verander of keer nie deur in die water te plas of op enige ander manier wat hulle uit, of weg van 'n gebied waarin daar met seëns visgevang word, verdryf.

VANGS MET SLEEPNETTE IN ALGOABAAI.

4. Niemand mag 'n sleepnet in die gebied binne 3 seemyl seewaarts vanaf die laagwatermerk tydens gewone springvloede aan die kus tussen 'n lyn (rigting 48°, geografies) vanaf die middelpunt van die vuurtoring op die Donkinreserwe by Port Elizabeth en 'n lyn (rigting 160°, geografies) vanaf die middel van die Sondagsriviersmond gebruik nie.

VANGS MET NETTE IN BRITANNIABAAI.

5. Britanniabaai, tussen Stompneuspunt en St. Martins Point, aan die noordkus van die afdeling Malmesbury, word beskou as 'n erkende trekgrond en niemand mag gebruik maak van—

(*a*) 'n beursnet in die gebied binne 1 seemyl seewaarts vanaf laagwatermerk tydens gewone springvloede tussen 'n lyn geografies noord getrek deur Kaap St. Martin as westelike grens en 'n lyn geografies noord getrek deur Stompneuspunt as oostelike grens; of

(*b*) 'n Harderstel- of dryfnet of enige net wat op soortgelyke wyse gebruik word in die gebied binne 2 seemyl seewaarts vanaf laagwatermerk tydens gewone springvloede tussen 'n lyn geografies noord getrek deur Kaap St. Martin as westelike grens en 'n lyn geografies noord getrek deur Stompneuspunt as oostelike grens.

4. No person shall carry on any fishing boat or use, for the purposes of catching fish in any waters along the coast between the meridian 18° 30′ east and the Orange River Mouth, any trawl-net which does not conform to the following description:—

(*a*) The mesh in any part, not referred to in paragraph (*b*), of any size of trawl-net, to be not less than 2½ inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e. 1¼ inches bar;

(*b*) the mesh of the straight part of the cod-end, both back or upper-half and bely or lower-half, of any size of trawl-net, to be not less than 4 inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e., 2 inches bar.

5. No person shall use any shark gill-net with a mesh measuring less than 9 inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e., 4½ inches bar.

6. Notwithstanding anything contained in regulation 1 of this Part, no person shall use any net for the catching of pilchards (*Sardinops ocellata*) and maasbankers (*Trachurus trachurus*) with a mesh measuring, when the net is wet and after it has been blooded or tanned, less than 1½ inches stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e., ¾ inch bar.

PART VIII.

NETTING.

1. (*a*) No person shall use any staked, set or drift net within a distance of two nautical miles seawards from the shore or beach, measured from low-water mark at ordinary spring tides, in front of any fishing ground where seine trek nets are employed.

(*b*) No person shall use any set net within the area bounded by the coast line north-westerly from Quoin Point to Cape Hangklip; thence in a straight line south (True) or 180° (True) for three miles to a point in the sea; thence in a straight line in a south-easterly direction to a point in the sea three miles South West (True) or 225° (True) from Quoin Point; thence in a straight line to the point of commencement at Quoin Point.

2. No person shall anchor any boat or place any other obstruction in any recognised "trek" ground in such a manner as to interfere with the lawful use of such "trek" ground for fishing purposes.

3. No person shall divert the course of or "keer" any school of mullet (harder) by means of splashing or by any other method so as to drive them out of or away from any area in which seine net fishing is being carried on.

TRAWLING IN ALGOA BAY.

4. No person shall use any trawl net in the area within three nautical miles seawards from low water mark at ordinary spring tides on the coast between a line bearing 48° (True) from the centre of the Donkin Reserve Lighthouse at Port Elizabeth and a line bearing 160° (True) from the middle of the Sundays River North.

NETTING IN BRITANNIA BAY.

5. Britannia Bay, between Stompneus Point and St. Martin's Point, on the north coast of the Division of Malmesbury, shall be regarded as a recognised "trek" ground and no person shall use—

(*a*) a purse net in the area within one nautical miles seawards from low water mark at ordinary spring tides between, as western limit, a line drawn true north through Cape St. Martin and, as eastern limit, a line drawn true north through Stompneus Point; or

(*b*) a harder set or drift net, or any net used in a similar manner thereto, in the area within two nautical miles seawards from low water mark at ordinary spring tides between, as western limit, a line drawn true north through Cape St. Martin and, as eastern limit, a line drawn true north through Stompneus Point.

VANGS MET NETTE IN VALSBAAI.

6. Niemand mag, binne Valsbaai, in die gebied begrens deur 'n reguit lyn, getrek vanaf Kaap Hangklip tot by Kaappunt, en deur die strande van genoemde baai enige soort sleepnet of enige soort Deense seën of enige ander soort net wat op so 'n wyse gebruik word dat dit oor die seebodem sleep, gebruik nie; met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie die gewone gebruik van strandtrekseëns verbied nie.

7. Niemand mag enige soort net binne 'n omtrek van 'n halwe seemyl vanaf die middelpunt van die vuurtoring op die hoofpier van Kalkbaaihawe gebruik nie.

8. Niemand mag enige soort net binne die gebied beked as Die Gat, geleë in Simonsbaai gebruik nie. Vir die toepassing van hierdie regulasie beteken Die Gat die gebied wat as volg begrens word:—

Weswaarts deur die seekus tussen die betonbaken gemerk „N. Gat" op die rotsbank naby Lower North Battery en die betonbaken gemerk „S. Gat" op die rotsbank naby die noordelike end van Long Beach;

ooswaarts deur 'n lyn 1,000 jaarts van voormelde twee bakens en ewewydig met die lyn wat hulle verbind;

noordwaarts deur 'n lyn vanaf die baken by „N. Gat" wat in die rigting van die vuurtoring by Roman Rock verleng is; en

suidwaarts deur 'n lyn vanaf die baken by „S. Gat" wat in die rigting van die vuurtoring by Roman Rock verleng is.

VANGS MET NETTE IN HOUTBAAI.

9. Niemand mag enige net in die gebied binne Houtbaai binne 'n reguit lyn getrek vanaf die baken naby Die Josie aan die suidelike kant tot by twee bakens in lyn naby Bad Tamboer aan die noordelike kant, gebruik nie; met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing is op die gebruik van trekseëns in daardie gedeelte van voormelde gebied waarin die vangs met nette nie algeheel ingevolge regulasie 22, Deel X, verbied is nie.

VANGS MET NETTE IN SALDANHABAAI.

10. (*a*) Niemand mag 'n net, behalwe 'n trekseën of stelnet of handnet, in Saldanhabaai in die afdeling Malmesbury in daardie gedeelte van die baai suid van 'n reguit lyn tussen Salamander Point en Leentjesklip op die teenoorgestelde kus, algemeen bekend as „The Lagoon", gebruik nie; met dien verstande dat vir die toepassing van hierdie subregulasie 'n stelnet nie 'n haainet insluit nie.

(*b*) In die oorblywende gedeelte van Saldanhabaai mag niemand die volgende gebruik nie:—

(i) 'n Haainet;
(ii) 'n beursnet binne 'n afstand van 1 seemyl vanaf die kuslyn soos hierna beskryf word;
(iii) 'n harderstelnet binne 'n afstand van 2 seemyl vanaf die kuslyn soos hierna beskryf word; of
(iv) 'n harderdryfnet, wat plaaslik bekend is as 'n rondslaan- of omgooinet, of enige net wat op dieselfde wyse gebruik word, binne 'n afstand van 2 seemyl vanaf die kuslyn soos hierna beskryf.

Vir die toepassing van hierdie subregulasie beteken die kuslyn die kus vanaf Noordbaaipunt in Saldanhabaai al langs die laagwatermerk tydens gewone springvloede, langs die noordelike en die oostelike kus van genoemde baai tot by die punt bekend as Leentjesklip wat in subregulasie (*a*) van hierdie regulasie genoem word.

VANGS MET NETTE IN TAFELBAAI.

11. (*a*) Binne die grense van die visgebied in Tafelbaai, soos in paragraaf (*b*) hieronder beskryf, mag niemand 'n ander net gebruik nie as—

(i) 'n trekseën soos beskryf in regulasie 2, deel VII; of
(ii) 'n net, nie 'n beurs- of stelnet nie, wat slegs gebruik word om vis vir aas te vang. Die afmetings van so 'n net moet wees: Lengte, hoogstens 18 vaam; diepte, hoogstens 6 vaam; maas, minstens $1\frac{1}{2}$ duim uitgestrek (van binnekant van knoop tot binnekant van knoop), d.i. met skakels van $\frac{3}{4}$ duim.

NETTING IN FALSE BAY.

6. No person shall, within False Bay, in the area bounded by a straight line drawn from Cape Hangklip to Cape Point and by the shores of the said Bay, use a trawl-net of any kind, or a Danish seine-net of any kind, or any other kind of net operated in such manner as to drag over the seafloor: Provided that the provisions of this regulation shall not prohibit the use in the customary manner of beach trek-seine nets.

7. No person shall use a net of any kind within a radius of half a nautical mile from the centre of the lighthouse on the main pier of the Kalk Bay Harbour.

8. No person shall use a net of any kind within the area known as "Die Gat" situated in Simon's Bay. For the purpose of this regulation "Die Gat" shall mean the area bounded—

westwards by the seashore between the concrete beacon marked "N. Gat", on the reef of rocks near Lower North Battery, and the concrete beacon marked "S. Gat", on the reef of rocks near the north end of Long Beach;

eastwards by a line 1,000 yards distant from the two aforementioned beacons and parallel to the line joining them;

northwards by a line from the "N. Gat" beacon extended in the direction of the Roman Rock Lighthouse; and southwards by a line from the "S. Gat" beacon extended in the direction of the Roman Rock Lighthouse.

NETTING IN HOUT BAY.

9. No person shall use any net in the area within Hout Bay inside a straight line drawn from the beacon near "Die Josie" on the southern side to two beacons in line near "Bad Tamboer" on the southern side: Provided that the provisions of this regulation shall not apply to the use of trek-seine nets in that portion of the said area in which netting is not totally prohibited in terms of regulation 22, Part X.

NETTING IN SALDANHA BAY.

10. (*a*) No person shall use any net other than a trek-seine or set net, or hand net, in Saldanha Bay in the Division of Malmesbury, in that portion of the Bay south of a straight line between Salamander Point and Leentjes Klip or the opposite shore, generally known as "The Lagoon": Provided that for the purposes of this sub-regulation a set net shall not include a shark net.

(*b*) In the remaining extent of Saldanha Bay no person shall use—

(i) a shark net;
(ii) a purse net within a distance of one nautical mile from the coastline as hereinafter described;
(iii) a harder set net within a distance of two nautical miles from the coastline as hereinafter described; or
(iv) a harder drift net locally known as a "rondslaan" or "omgooi" net, or any net used in similar manner, within a distance of two nautical miles from the coastline as hereafter described.

For the purpose of this sub-regulation the coastline shall be the coast from North Bay Point, in Saldanha Bay, following the line of low-water mark at ordinary spring tides, along the northern and eastern shores of the said Bay to the point known as Leentjes Klip, referred to in sub-regulation (*a*) of this regulation.

NETTING IN TABLE BAY.

11. (*a*) Within the limits of the fishing area in Table Bay, as defined in paragraph (*b*) hereunder, no person shall use any net other than—

(i) a trek-seine net as described in regulation 2, Part VII; or
(ii) a net, not being a purse or set net, used solely for the purpose of catching fish for bait. The dimensions of such net shall be: Length, not more than 18 fathoms; depth, not more than 6 fathoms; mesh, not less than $1\frac{1}{2}$ inch stretched (from inside of knot to inside of knot), i.e. $\frac{3}{4}$-inch bar.

(*b*) Vir die toepassing van paragraaf (*a*) is die gebied vir die vangs met nette in Tafelbaai die gebied begrens deur 'n reguit lyn getrek vanaf die punt van die breekwater tot by die baken teenoor Rietvlei, vandaar langs die kus by die laagwatermerk tydens gewone springvloede tot by die punt waar die nuwe oostelike hawehoof by die kus aansluit, vandaar langs die seekante van die nuwe oostelike hawehoof, suidarmvleulknoekel en die oospier, en vandaar langs die binnekant van die breekwater tot by die end van die breekwater.

VANGS MET NETTE OP DIE HOOGTE VAN DIE OOSKUS VAN ROBBENEILAND.

12. (*a*) Binne die gebied op die hoogte van Robbeneiland wat in onderstaande paragraaf (*b*) beskryf word, mag niemand 'n ander net gebruik nie as—

(i) 'n kreefnet;
(ii) 'n omslaan- of beursnet wat alleen met die hand gewerk word en nie meganies opgetrek word nie; of
(iii) 'n stelnet, hoogstens 20 voet lank, enkel gestel, slegs van die kus af en nie van 'n boot af nie.

(*b*) Die gebied gemeld in paragraaf (*a*) is daardie gedeelte van die gebied, 'n halwe seemyl seewaarts vanaf die laagwatermerk tydens gewone springvloede tussen 'n lyn seewaarts getrek deur die twee vierkantige bakens wat swart en wit op die ooskus van Robbeneiland geverf is en 'n lyn seewaarts getrek deur twee soortgelyke bakens wat op soortgelyke wyse geverf is en suidwes van die vuurtoring staan, waar die water minder as 6 vaam diep is.

VANGS MET NETTE OP DIE HOOGTE VAN DIE WESKUS VAN DIE KAAPSE SKIEREILAND.

13. Niemand mag 'n span-, stel- of dryfnet in die territoriale waters grensende aan die weskus van die Kaapse Skeireiland in die gebied tussen Kaappunt en die punt bekend as Hoek van Bobbejaan gebruik nie.

VANGS MET NETTE IN AFDELING KNYSNA.

14. Niemand mag 'n net in die Knysnarivier tussen die spoorwegbrug en die punt waar die ou wabrug oor die rivier gaan, gebruik nie.

15. (*a*) Niemand mag 'n net in die Knysnarivier in die gedeelte tussen die riviermond en die punt waar die spoorwegbrug oor die rivier gaan, gebruik nie; met dien verstande dat die Magistraat van Knysna, onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur van Visserye, jaarliks hoogstens drie permitte aan persone wat in die Afdeling Knysna woon en wat geheel en al of gedeeltelik vir hul lewensbestaan van viesvangs in dié gedeelte van die rivier afhanklik is, vir die vangs van vis met nette vir handelsdoeleindes in genoemde gedeelte, kan toestaan.

(*b*) Die bedrag wat vir so 'n permit betaalbaar is, is £1 per jaar en elke sodanige permit sal aan die volgende voorwaardes onderhewig wees:—

(i) Slegs treknette mag gebruik word en elke permithouer mag net een net gebruik.
(ii) 'n Permithouer sal geregtig wees om tussen een uur voor sonop en een uur na sononder op Maandae, Woensdae en Vrydae gedurende die hele jaar waarvoor die permit uitgereik is in voornoemde gedeelte van die rivier vis te vang.

VANGS MET NETTE IN DIE AFDELINGS MALMESBURY EN PIKETBERG.

16. Niemand mag 'n net in die Bergrivier tussen die riviermond en die punt waar die wabrug by Velddrif oor die rivier gaan, gebruik nie.

VANGS MET NETTE IN DIE NATALSE TERRITORIALE WATERS.

17. Niemand mag 'n dryfnet onder die laagwatermerk tydens gewone springvloede gebruik nie binne die gebied begrens deur 'n reguitlyn getrek—

(*a*) vanaf die suidoostelike hoek van die Goewermentshospitaal tot by die lig op die noordpier by die ingang tot die Durbanhawe;
(*b*) vanaf die lig op genoemde noordpier tot by die strand; en
(*c*) vanaf hierdie punt op die strand by die laagwatermerk tydens gewone springvloede tot by die punt waar die lyn vermeld in (*a*) die strand sny.

(*b*) For the purpose of paragraph (*a*), the netting area in table Bay shall be the area bounded by a straight line drawn from the end of the breakwater to the beacon opposite Riet Vlei; thence along the shore at low-water mark at ordinary spring tides, to the point where the new eastern mole of the harbour meets the shore; thence along the seaward sides of the new eastern mole, the south arm return knuckle and the east pier; and thence along the inside of the breakwater to the end of the breakwater.

NETTING OFF THE EAST COAST OF ROBBEN ISLAND.

12. (*a*) Within the area off Robben Island defined in paragraph (*b*) hereunder, no person shall use any net other than—

(i) a rock lobster net;
(ii) an "omslaan" or purse net, worked by hand only and not mechanically hauled; or
(iii) a set net not exceeding 20 feet in length, set singly, from the shore only and not from any boat.

(*b*) The area referred to in paragraph (*a*) shall be that portion of the area, half a nautical mile seawards from low-water mark at ordinary spring tides between a line drawn seawards through the two square beacons painted black and white on the east coast of Robben Island and a line drawn seawards through two similar beacons similarly painted standing to the south-west of the lighthouse, in which the water is of a depth of less than six fathoms.

NETTING OFF THE WEST COAST OF THE CAPE PENINSULA.

13. No person shall use any staked, set or drift net in the territorial waters adjoining the west coast of the Cape Peninsula, in the area between Cape Point and the point known as "Hoek van Bobbejaan".

NETTING IN THE DIVISION OF KNYSNA.

14. No person shall use any net in the Knysna River in the area between the railway bridge and the old road bridge.

15. (*a*) No person shall use any net in the Knysna River in the area between the river mouth and the point where the railway bridge crosses the river; provided that the Magistrate of Knysna may, subject to the approval of the Director of Fisheries, annually grant not more than three permits to net for fish for commercial purposes in the said area, to persons resident in the Division of Knysna who are wholly or partly dependent upon fishing in the said area for a living.

(*b*) The fee payable in respect of any such permit shall be £1 per annum and every such permit shall be subject to the following conditions:—

(i) trek nets only shall be used and one net only shall be operated by each permit holder;
(ii) a permit holder shall be entitled to net for fish in the aforesaid area on Mondays, Wednesdays and Fridays during the period one hour before sunrise to one hour after sunset, throughout the whole of the year for which the permit is valid.

NETTING IN THE DIVISION OF MALMESBURY AND PIQUETBERG.

16. No person shall use any net in the Berg River between the river mouth and the point where the road bridge at Velddrif crosses the river.

NETTING IN NATAL TERRITORIAL WATERS.

17. No person shall use a drift net below low-water mark at ordinary spring tides within the area bounded by—

(*a*) a straight line drawn from the south-western corner of the Government Hospital to the light on the North Pier at the entrance to Durban Harbour;
(*b*) the said North Pier from its light to the shore; and
(*c*) the shore at low-water mark at ordinary spring tides from this point to the point where the line referred to in (*a*) intersects the shore.

VANGS MET NETTE OP DIE HOOGTE VAN DIE KUS VAN DIE AFDELINGS MOSSELBAAI EN GEORGE.

18. Niemand mag 'n sleepnet gebruik nie—

(*a*) aan die landwaartse of noordelike kant van 'n lyn wat Kaap Vacca en die vuurtoring op Kaap St. Blaize verbind;

(*b*) aan die landwaartse of noordelike kant van 'n lyn wat die vuurtoring op Kaap St. Blaize en Gerickepunt verbind;

(*c*) binne die sektor van 'n sirkel wat gevorm word deur die lyne omskryf onder (*a*) en (*b*) hierbo as sygrense, en die boog van 'n sirkel met 'n straal van 1½ seemyl, met die vuurtoring op Kaap St. Blaize as middelpunt, as die suidelike of seewaartse grens.

DEEL IX.

WALVISVANGS.

Algemeen.

1. Niemand mag 'n walvis op groter afstand as 'n halfmyl van 'n fabriek, 'n landstasie of 'n aanlêplek wat aan die fabriek of die landstasie behoort, anker of vasmaak nie.

2. Walvisse wat vanaf 'n vissersboot gewond of doodgemaak is en wat op die strand uitgedryf het of aangedryf is of andersins op die strand aan wal gebring is op 'n ander plek as 'n landstasie, moet binne vier-en-twintig uur daarna deur die eienaar of die skipper van so 'n vissersboot by a fabriek of 'n landstasie besorg word.

3. Die eienaar of die skipper van 'n vissersboot mag nie opsetlik toelaat dat 'n walvis wat vanaf so 'n vissersboot gewond of doodgemaak is, op die strand uitdryf of aangedryf word of andersins op die strand aan wal gebring word op 'n ander plek as 'n landstasie nie.

4. Niemand mag binne drie seemyl van 'n gebied waarin dit by proklamasie, uitgevaardig kragtens artikel *vier* van die Wet, verbode is om vis te hinder of te vang, 'n walvis jag, agtervolg of vang of 'n bomgeweer, 'n vuurpyl of 'n ander ontploffingsmiddel daarin afskiet nie.

5. Die gesagvoerder van 'n fabriekskip of 'n walvisvanger moet altyd die veiligheid en die regte van die bemanning van vissersbote in ag neem, afgesien daarvan of die bote geanker of drywend is en of die visvangs daarop met treilers, nette of handlyne beoefen word.

Seisoene.

6. Behoudens die bepalings van regulasies 11 (vi) en 12, mag niemand 'n walvisvanger wat aan 'n fabriekskip verbonde is, gebruik met die doel om baleinwalvisse (uitgesonderd minkewalvisse) in waters besuide 40° suiderbreedte dood te maak of te poog om hulle dood te maak nie behalwe gedurende die tydperk wat strek van die sewende dag van Januarie in enige jaar tot 'n datum in daardie jaar wat aan die kaptein of gesagvoerder van 'n fabriekskip deur 'n walvisinspekteur op so 'n fabriekskip bekendgemaak word as die datum waarna die doodmaak van baleinwalvisse of pogings om hulle dood te maak, gestaak moet word, of tot die sewende dag van April in daardie jaar, naamlik die datum wat die vroegste is; met dien verstande dat niemand blouwalvisse voor die een-en-twintigste dag van Januarie in enige jaar mag doodmaak, of mag poog om hulle dood te maak nie.

7. Niemand mag 'n walvisvanger wat aan 'n fabriekskip verwonde is, gebruik met die doel om potvisse dood te maak of poog om hulle dood te maak nie in enige gebied of in enige waters behalwe gedurende 'n aaneenlopende tydperk van hoogstens agt maande in enige tydperk van twaalf maande, en sodanige tydperk sluit die tydperk in wat in regulasie 6 genoem word as die tydperk waarin baleinwalvisse gevang kan word.

8. Niemand mag 'n walvisvanger wat aan 'n fabriekskip verbonde is, gebruik met die doel om minkewalvisse dood te maak of poog om hulle dood te maak nie in enige gebied of in enige waters behalwe gedurende 'n aaneenlopende tydperk van hoogstens ses maande in enige tydperk van twaalf maande en sodanige tydperk sluit die tydperk in wat in regulasie 6 genoem word as die tydperk waarin ander baleinwalvisse gevang kan word.

NETTING OFF THE COASTS OF THE DIVISIONS OF MOSSEL BAY AND GEORGE.

18. No person shall use any trawl net—

(*a*) on the landward or northerly side of a line joining Cape Vacca and the lighthouse at Cape St. Blaize;

(*b*) on the landward or northerly side of a line joining the lighthouse at Cape St. Blaize and Gericke Point;

(*c*) within the sector of a circle formed by the lines defined in (*a*) and (*b*) above as lateral boundaries and the arc of a circle with a radius of 1½ nautical miles with the lighthouse at Cape St. Blaize as centre as southerly or seaward boundary.

PART IX.

WHALING.

General.

1. No person shall anchor or moor any whale at a distance greater than half a mile from any factory, any land station or any landing stage belonging to such factory or land station.

2. Whales, wounded or killed from any fishing boat, which may drift or be driven into or otherwise be landed on the foreshore alsewhere than at a land station shall be removed by the owner or skipper of such fishing boat within twenty-four hours of such landing to a factory or a land station.

3. The owner or skipper of a fishing boat shall not wilfully permit a whale wounded or killed from such fishing boat to drift or be driven on to or otherwise landed on the foreshore elsewhere than at a land station.

4. No person shall hunt, pursue, or capture any whale within a distance of three nautical miles of any area in which the disturbing or capture of fish is prohibited by any proclamation issued under section *four* of the Act, or discharge any bomb-gear, rocket or other explosive in such area.

5. No person in charge of a factory ship or a whale catcher shall at any time disregard the safety or rights of crews of fishing boats, whether at anchor or drifting, or from which fishing operations are being conducted with trawls, nets or handlines.

Seasons.

6. Subject to the provisions of regulations 11 (vi) and 12 no person shall use a whale catcher attached to a factory ship for the purpose of killing or attempting to kill baleen whales (excluding minke whales) in any waters south of 40° south latitude except during the period the seventh day of January in any year to a date in that year notified to the Master or person in charge of a factory ship, by a whaling inspector on such factory ship, as the date after which the killling of or attempting to kill baleen whales shall cease, or to the seventh day of April in that year both days inclusive whichever may be the earlier; provided that no person shall kill or attempt to kill blue whales before the twenty-first day of January in any year.

7. No person shall use a whale catcher attached to a factory ship for the purpose of killing or attempting to kill sperm whales in any area or in any waters except during one continuous period of not exceeding eight months in any period of twelve months, such period to include the period referred to in regulation 6, during which baleen whales may be taken.

8. No person shall use a whale catcher attached to a factory ship for the purpose of killing or attempting to kill minke whales in any area or in any waters except during one continuous period of not exceeding six months in any period of twelve months, such period to include the period referred to in regulation 6 during which other baleen whales may be taken.

9. Onderhewig aan regulasies 7 en 10 mag niemand 'n walvisvanger wat aan 'n landstasie verbonde is, gebruik met die doel om ondergenoemde walvisse in ondergenoemde gebiede of waters dood te maak of te poog om hulle dood te maak nie:—

(i) Baleinwalvisse (uitgesonderd minkewalvisse) in enige gebied of waters behalwe gedurende die tydperk wat strek van die vyftiende dag van April tot die veertiende dag van Oktober in enige jaar;
(ii) minkewalvisse in enige gebied of waters, behalwe gedurende die tydperk wat strek van die vyftiende dag van April tot die veertiende dag van Oktober in enige jaar;
(iii) potvisse in enige gebied of waters, behalwe gedurende 'n aaneenlopende tydperk van hoogstens agt maande tussen die eerste dag van Maart en die een-en-dertigste dag van Desember in enige jaar.

10. Niemand mag 'n fabriekskip wat gedurende die tydperk bepaal in regulasie 6 hierbo, besuide 40° suiderbreedte gebruik is vir die vervaardiging van olie uit baleinwalvisse, binne 'n tydperk van twaalf maande van die einde van genoemde tydperk af vir daardie doel elders gebruik nie.

Gebiede.

11. Niemand mag 'n walvisvanger wat aan 'n fabriekskip verbonde is, gebruik met die doel om baleinwalvisse in enigeen van ondergenoemde gebiede dood te maak of te poog om hulle dood te maak nie:—

(i) In die waters benoorde 66° noorderbreedte, met dié uitsondering dat, van 150° oosterlengte ooswaarts tot so ver as 140° westerlengte, die gebruik van sulke walvisvangers met die doel om sulke walvisse dood te maak of te poog of hulle dood te maak, tussen 66° noorderbreedte en 72° noorderbreedte toegelaat word;
(ii) in die Atlantiese Oseaan en die afhanklike waters daarvan benoorde 40° suiderbreedte;
(iii) in die Stille Oseaan en die afhanklike waters daarvan oos van 150° westerlengte tussen 40° suiderbreedte en 35° noorderbreedte;
(iv) in die Stille Oseaan en die afhanklike waters daarvan wes van 150° westerlengte tussen 40° suiderbreedte en 20° noorderbreedte;
(v) in die Indiese Oseaan en die afhanklike waters daarvan benoorde 40° suiderbreedte;
(vi) in die waters besuide 40° suiderbreedte van 70° westerlengte weswaarts tot so ver as 160° westerlengte.

12. Niemand mag 'n walvisvanger wat aan 'n fabriekskip verbonde is, gebruik met die doel om bultrugwalvisse dood te maak of te poog om hulle dood te maak nie—

(i) in die waters besuide 40° suiderbreedte tussen 0° en 70° westerlengte; en
(ii) in die oorblywende waters besuide 40° suiderbreedte buiten gedurende die tydperk die eerste dag van Februarie in enige jaar tot die vierde dag van Februarie in daardie jaar.

Vangs.

13. Niemand mag vaalwalvisse of Groenlandse walvisse doodmaak of poog om hulle dood te maak nie.

14. Niemand mag walviskalwers of suiglingwalvisse of walviskoeie wat deur kalwers of suiglingwalvisse vergesel is doodmaak of poog om dood te maak nie.

Bewerking.

15. (*a*) Alle walvisse (uitgesonderd minkewalvisse) wat gevang word moet by die fabriekskip of die landstasie afgelewer word, terwyl al die dele daarvan deur uitkook of andersins bewerk moet word, behalwe die inwendige organe, die balein en die vinne van alle walvisse en die vleis van potvisse en van dele van walvisse wat vir gebruik as voedsel vir mens of dier bedoel is.

(*b*) Volledige bewerking van die karkas van 'n dooie walvis of van 'n walvis wat as skutting gebruik word, dit wil sê, bewerking waarby al die dele van die walvis gebruik word, is nie nodig wanneer die vleis of die balein van die walvis al sleg is nie.

9. Subject to regulations 7 and 10 no person shall use a whale catcher attached to a land staton for the purpose of killing or attempting to kill—

(i) baleen (except minke) whales in any area or in any waters except during the period the fifteenth day of April to the fourteenth day of October in any year;
(ii) minke whales in any area or in any waters except during the period the fifteenth day of April to the fourteenth day of October in any year;
(iii) sperm whales in any area or in any waters except during one continuous period not exceeding eight months between the first day of March and the thirty-first day of December in any year.

10. No person shall use a factory ship, which has been used south of 40° south latitude during the period stipulated in regulation 6 above for the purpose of manufacturing oil from baleen whales, for that purpose elsewhere within a period of twelve months from the end of that period.

Areas.

11. No person shall use a whale catcher attached to a factory ship for the purpose of killing or attempting to kill baleen whales in any of the areas:—

(i) In the waters north of 66° north latitude, except that from 150° east longitude eastwards as far as 140° west longitude, the use of such whale catchers for the purpose of killing or attempting to kill such whales shall be permitted between 66° north latitude and 72° north latitude;
(ii) in the Atlantic Ocean and its dependent waters north of 40° south latitude;
(iii) in the Pacific Ocean and its dependent waters east of 150° west longitude between 40° south latitude and 35° north latitude;
(iv) in the Pacific Ocean and its dependent waters west of 150° west longitude between 40° south latitude and 20° north latitude;
(v) in the Indian Ocean and its dependent waters north of 40° south latitude;
(vi) in the waters south of 40° south latitude from 70° west longitude westward as far as 160° west longitude.

12. No person shall use a whale catcher attached to a factory ship for the purpose of killing or attempting to kill humpback whales—

(i) in the waters south of 40° south latitude between 0° longitude and 70° west longitude; and
(ii) in the remaining waters south of 40° south latitude except during the period the first day of February in any year to the fourth day of February in that year.

Capture.

13. No person shall kill or attempt to kill gray whales or right whales.

14. No person shall kill or attempt to kill calves or suckling whales or female whales which are accompanied by calves or suckling whales.

Treatment.

15. (*a*) All whales (except minke whales) taken shall be delivered to the factory ship or land station and all parts of such whales shall be processed by boiling or otherwise, except the internal organs, whale bone and flippers of all whales, the meat of sperm whales and of parts of whales intended for human food or feeding animals.

(*b*) Complete treatment of the carcasses of "dauhval" and of whales used as fenders, that is, treatment whereby all parts of the whale are utilised, will not be required in cases where the meat or bone of such whales is in bad condition.

16. (*a*) Die kaptein of die gesagvoerder van 'n fabriekskip moet die vang van walvisse vir aflewering aan 'n fabriekskip so reël of beperk dat geen walviskarkas (uitgesonderd die karkas van 'n walvis wat as skutting gebruik word, en wat bewerk moet word sodra dit redelikerwys moontlik is) langer as drie-en-dertig uur in die see bly vandat dit doodgemaak is totdat dit vir behandeling opgetrek word nie.

(*b*) Walvisse wat deur alle walvisvangers gevang word, hetsy vir fabriekskepe of landstasies, moet duidelik gemerk word om die vanger te identifiseer en die volgorde waarin die walvisse gevang is, aan te dui.

In alle strafsake word 'n walvis wat aldus gemerk is tensy die teendeel bewys word, beskou as gevang deur die persoon wat tydens die vangs van sodanige walvis die harpoenis was van die walvisvanger wie se merk dit dra.

17. Die eienaar van 'n fabriek moet walvisse wat vir die fabriek gevang is op so 'n wyse bewerk dat die aanvangsproses van vervaardiging en die algehele verbruik van afval in vaste vorm binne ses-en-dertig uur vandat die walvisse op die flensdek of in die fabriek vir bewerking geplaas is, afgehandel is, terwyl hoegenaamd geen deel van die karkas in die see teruggeplaas mag word of op die strand of op die grond by of langs die fabriek blootgestel mag word nie, behalwe in die geval van bloed, en wel in hoeveelhede wat onvermydelik, onskadelik en nie aanstootlik is nie.

Toesig en beheer.

18. Indien die besoldiging van harpoeniste en die bemanning van fabriekskepe, landstasies en walvisvangers geheel of gedeeltelik bereken word volgens die getal walvisse wat gevang word, moet sodanige besoldiging bereken word volgens die soort, die grootte en die opbrengs van die walvisse en op geen ander grondslag nie, terwyl geen bonus of ander vergoeding aan harpoeniste en die bemanning van enige fabriekskip, die landstasie of die walvisvanger betaal mag word ten opsigte van walvisse waarvan die vangs by hierdie regulasies of 'n proklamasie uitgevaardig kragtens artikel *vier* van die Wet verbied is nie.

Inligting vereis.

19. (*a*) Alle walvisvangers wat met 'n fabriekskip saamwerk, moet—

(i) die uur waarop elke walvis gevang word;
(ii) die soort walvis; en
(iii) die merk wat ingevolge subparagraaf (*b*) van regulasie 16 daarop aangebring is, per radio aan die fabriekskip meedeel.

(*b*) Die inligting wat ingevolge subparagraaf (*a*) van hierdie regulasie per radio verstrek word, moet onmiddellik in 'n permanente register ingeskryf word wat te alle tye beskikbaar moet wees vir ondersoek deur die walvisinspekteurs; daarenbowe moet onderstaande inligting ook in die permanente register ingeskryf word sodra dit beskikbaar word—

(i) uur waarop opgetrek vir behandeling;
(ii) lengte, gemeet ooreenkomstig deel IV, regulasie 3 (*c*);
(iii) geslag;
(iv) indien 'n koei, of dit vol melk is of melk afskei;
(v) lengte en geslag van fetus, as dit aanwesig is; en
(vi) 'n volledige verduideliking van elke oortreding.

(*c*) 'n Register wat ooreenstem met dié wat in subparagraaf (*b*) van hierdie regulasie beskryf word, moet deur landstasies gehou word, en al die inligting gemeld in genoemde subparagraaf, moet daarin ingeskryf word sodra dit beskikbaar word.

20. Enigeen wat die walvisvangs beoefen wat in die Unie van Suid-Afrika geregistreer is en fabriekskepe of walvisvangers of landstasies in bedryf het, moet hom aan die volgende hou:—

(*a*) Binne twee dae na die einde van elke kalenderweek of aan die einde van elke dag vanaf 'n datum wat aan die kaptein of gesagvoerder van 'n fabriekskip bekendgemaak moet word deur 'n walvisinspekteur op so 'n fabriekskip, moet hy gegewens verstrek omtrent die getal blouwalviseenhede wat deur sy skip in waters besuide 40° suiderbreedte gevang is.

16. (*a*) The killing of whales for delivery to a factory ship shall be so regulated or restricted by the Master or person in charge of the factory ship that no whale carcass (except of a whale used as a fender, which shall be processed as soon as is reasonably practicable) shall remain in the sea for a longer period than thirty-three hours from the time of killing to the time when it is hauled up for treatment.

(*b*) Whales killed by all whale catchers, whether for factory ships or land stations, shall be clearly marked so as to identify the catcher and indicate the order of catching.

In any criminal proceedings a whale thus marked shall, unless the contrary be proved, be deemed to have been captured by the person who at the time the whale was taken, was the gunner of the whale catcher, the mark of which it bears.

17. The owner of any factory shall so deal with whales caught for such factory that the initial process of manufacture and complete consumption of any solid refuse shall have been secured within thirty-six hours from the time at which the whale shall have been placed on the flensing plane or in the factory for treatment and no part whatever of the carcass shall be returned to the sea or exposed or the beach or on the ground at or adjacent to the factory, except in regard to the blood, in such quantity as may be inavoidable, innocuous and inoffensive.

Supervision and Control.

18. Where the remuneration or any part of the remuneration of gunners and crews of factory ships, land stations and whale catchers is calculated on whales taken, such remuneration shall be calculated on the basis of the species, size and yield of the whales and on no other basis, and no bonus or other remuneration shall be paid to gunners and crews of any factory ship, land station or whale catcher in respect of any whale the taking of which is prohibited by these regulations or any proclamation issued under section *four* of the Act.

Information Required.

19. (*a*) All whale catchers, operating in conjunction with a factory ship, shall report by radio to the factory ship—

(i) the time when each whale is taken;
(ii) its species; and
(iii) its marking effected pursuant to sub-paragraph (*b*) of regulation 16.

(*b*) The information reported by radio pursuant to subparagraph (*a*) of this regulation shall be entered immediately in a permanent record which shall be available at all times for examination by the whaling inspectors; and in addition there shall be entered in such permanent record the following information as soon as it becomes available:—

(i) Time of hauling up for treatment;
(ii) length, measured pursuant to Part IV, regulation 3 (*c*);
(iii) sex;
(iv) if female, wether milk-filled or lactating;
(v) length and sex of foetus, if present;
(vi) a full explanation of each infraction.

(*c*) A record similar to that described in sub-paragraph (*b*) of this regulation shall be maintained by land stations, and all of the information mentioned in the said subparagraph shall be entered therein as soon as available.

20. Every person engaged in whaling, who is registered in the Union of South Africa and operating factory ships or whale catchers or land stations, shall comply with the following:—

(*a*) Within two days after the end of each calendar week or at the end of each day from a date to be notified to the Master or person in charge of a factory ship, by a whaling inspector on such factory ship, furnish data on the number of blue whale units caught by his ship in any waters south of 40° south latitude.

(*b*) Uiterlik 30 November elke jaar moet hy die volgende gegewens verstrek oor die werksaamhede van die twaalf maande wat op 31 Oktober ten einde geloop het en dit onmiddellik voorafgaan:—

(i) 'n Opgawe van die getal walvisse van elke soort wat gevang is en die getal wat verloor is;

(ii) 'n opgawe van die getal walvisse wat op elke fabriekskip of landstasie bewerk is;

(iii) 'n opgawe van die totale hoeveelhede olie van elke graad en die hoeveelhede meel, misstof (ghwano) en ander produkte uit die walvisse;

(iv) besonderhede omtrent datum van vangs en by benadering die breedte- en lengtegraad van die vangplek; soort; lengte en geslag van elke walvis en as dit 'n fetus bevat, lengte en geslag (indien dit vasgestel kan word) van die fetus;

(v) alle gegewens wat gedurende 'n walvisvaart ingesamel kan word omtrent kalfwaters en trekroetes van walvisse;

(vi) naam en tonnemaat van elke fabriekskip;

(vii) getal en totale tonnemaat van die walvisvangers;

(viii) 'n lys van die landstasies in bedryf gedurende die onderhawige tydperk; en

(ix) 'n verslag van die totale besoldiging van elke harpoenis en lid van die bemanning en die wyse waarop die besoldiging van elkeen van hulle bereken word ten opsigte van elke walvisvanger onder sy beheer.

(*c*) Nie later nie as dertig dae voordat 'n fabriekskip op 'n walvisvaart na waters suid van 40° suiderbreedte vertrek, moet hy die naam en die tonnemaat van so 'n skip opgee.

OPMERKINGS.—Alle opgawes en gegewens volgens hierdie regulasie moet aan die Direkteur van Visserye, Kusweg, Seepunt, Kaapstad, verstrek word.

DEEL X.

BEHEER VAN VISSERSHAWES.

1. (*a*) Niemand mag in 'n vissershawe in- of uitvaar nie behalwe deur die ingang of uitgang wat vir die doel bestem is nie.

(*b*) Niemand mag in 'n vissershawe invaar terwyl hy onder die invloed van drank is nie.

2. Niemand mag in 'n vissershawe—

(*a*) 'n boot minne die watergebied grensende aan die skeepshelling, anker, vasmeer of plaas nie of 'n anker, ketting of ander toestel of hindernis in so 'n gebied plaas nie;

(*b*) toue of kettings vir die vasmeer of anker van 'n boot gebruik nie, tensy sulke toue of kettings sterk genoeg is om die boot onder alle weerstoestande vas te hou;

(*c*) 'n beton- of metaalblok of 'n anker vir die vasmeer of anker van 'n boot gebruik nie, tensy so 'n blok of anker swaar genoeg is om die boot onder alle weerstoestande vas te hou;

(*d*) 'n „merkboei" aan 'n anker of vasmeerketting heg nie tensy dit duidelik sigbaar is en met 'n lyn van geskikte lengte en genoegsame sterkte vasgebind is;

(*e*) klippe, gruis, ballas, karkasse, lading, vullis, as, bottels, mandjies, vuilgoed of afval, aanstootlike of onwelriekende goed aflaai, afgooi of laat nie;

(*f*) olie van watter aard ook al in die water laat uitloop nie;

(*g*) aas, visafval, dooie liggame van watter aard ook al of ander goed wat aanstootlik is of aanstootlik kan word, afgooi of laat nie;

(*h*) kennisgewings betreffende die beheer van vissershawes verwyder, skend of uitwis nie;

(*i*) op 'n perseel of eiendom daarin profane, vuil, onbetaamlike, liederlike of lasterlike woorde, ding, voorstelling of kenmerk skryf, teken of aanbring nie;

(*b*) Not later than the 30th November in every year, furnish the following particulars of operations in respect of the period of twelve months ending on and immediately preceding the 31st day of October:—

(i) A record of the number of whales of each species taken, and the number thereof lost;

(ii) a record of the number of whales treated each factory ship or land station;

(iii) a record of the aggregate amounts of oil of each grade and quantities of meal, fertilizer (guano) and other products derived from them;

(iv) particulars as to the date and approximate latitude and longitude of taking, the species, length and sex of each whale, and if a female containing a foetus, the length and sex (if ascertainable) of such foetus;

(v) any information which may have been obtained during whaling operations concerning the calving grounds and migration routes of whales;

(vi) the name and tonnage of each factory ship;

(vii) the number and aggregate tonnage of the whale catchers;

(viii) a list of the land stations which were in operation during the period concerned; and

(ix) an account showing the total emoluments of each gunner and members of the crew and the manner in which the emoluments of each of them is calculated in respect of every whale catcher under his jurisdiction.

(*c*) Not less than thirty days prior to the departure of a factory ship intending to engage in whaling operations in any waters south of 40° south latitude, furnish the name and tonnage of such ship.

NOTE.—All records and returns of information in terms of this regulation shall be made to the Director of Fisheries, Beach Road, Sea Point, Cape.

PART X.

CONTROL OF FISHING HARBOURS.

1. (*a*) No person shall enter or leave a fishing harbour except through an entrance or exit provided for the purpose.

(*b*) No person shall enter any fishing harbour while in a state of intoxication.

2. No person shall, in any fishing harbour—

(*a*) anchor, moor or place within the water area adjacent to the slipway any boat or place any anchor, chain or other device or obstacle in such area;

(*b*) employ ropes or chains for the mooring or anchoring of any boat, unless such ropes or chains are sufficiently strong to secure the boat under all weather conditions;

(*c*) employ a concrete or metal block or an anchor for the mooring or anchoring of any boat unless such block or anchor is sufficiently heavy to secure the boat under all weather conditions;

(*d*) attach to an anchor chain or mooring chain a "marker buoy" unless it is clearly visible and connected by means of a line of suitable length and adequate strength;

(*e*) dump, deposit or leave any stone, gravel, ballast, carcass, cargo, dirt, ash, bottle, basket, rubbish or any waste, objectionable or malodorous matter;

(*f*) discharge into the water oil of any description;

(*g*) deposit or leave any bait, fish offal, dead bodies of any kind, or any other matter either objectionable or likely to become objectionable;

(*h*) remove, damage or deface any notice dealing with the control of such fishing harbour;

(*i*) write, draw or affix any profane, obscene, indecent or abusive word, matter, representation or character upon any premises or propety therein;

(*j*) 'n boot aan 'n aanlêplek, kaai, paal, vier, toupale, of boei vasmeer sonder toestemming van die opsigter nie;

(*k*) 'n boot by enige ander plek as dié wat die opsigter aanwys, en op die wyse wat hy voorskryf, aanlê, vasmeer of anker nie;

(*l*) die aanlê- of vasmeerplek wat aan 'n boot aangewys is verskuif of verander sonder voorafgaande toestemming van die opsigter nie;

(*m*) 'n boot op die strand sleep, of op 'n strand, sandbank, of vlak plek omkantel of neerlê nie met die oog op skoonmaak, herstel of andersins, behalwe met toestemming van die opsigter en op die voorwaardes wat hy bepaal;

(*n*) buiteherstelwerk aan 'n boot doen nie, behalwe op 'n plek wat die opsigter daarvoor aanwys en onderworpe aan die voorwaardes wat ry bepaal;

(*o*) 'n boot, rondhoute, ankers, kabels, boottuig, timmerhout, tenks, vate, wrakhout, stuplanke, of ander los material op 'n aanlêplek, kaai, muur of strand plaas nie, behalwe met toestemming van die opsigter en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal;

(*p*) met 'n boot seil of vaar nie, behalwe om na en van sodanige aanlê-, anker- of vasmeerplek te gaan as wat aan so 'n boot deur die opsigter ingevolge paragraaf (*k*) van hierdie regulasie aangewys is;

(*q*) 'n voertuig uitspan of laat staan nie, behalwe op 'n plek en op sodanige wyse as wat die opsigter bepaal;

(*r*) die vrye gebruik van 'n aanlêplek, kaai of strand belemmer of versper of iets doen wat dit of die toegange daarvan belemmer of versper nie;

(*s*) op 'n aanlêplek, kaai, breekwater of enige ander plek van die hawe 'n vuur aansteek nie, behalwe met toestemming van die opsigter;

(*t*) op 'n kaai, aanlêplek, breekwater, muur of enige deel van die hawe bedwelmende drank gebruik of onder die invloed van drank wees of hom woes, beledigend of aanstootlik tot ergenis van ander gedra nie;

(*u*) hom onsedelik gedra, of profane, vuil, onbetaamlike, beledigende of onbehoorlike taal besig nie, of iets doen wat aan persone of eiendom skade kan veroorsaak;

(*v*) 'n boot of 'n boot onder sy toesig in 'n onhigiëniese toestand laat nie nadat hy deur die opsigter gelas is om sodanige boot skoon te maak.

3. Niemand mag in 'n vissershawe bad, swem of duik nie behalwe op sodanige plek as wat deur aanplakborde aangedui word, of met magtiging van die Direkteur van Visserye.

4. Enigeen wat in 'n vissershawe 'n artikel laat val of gooi moet dit onmiddellik weer uithaal.

5. Die eienaar of skipper van 'n boot wat van sy aanlê- of vasmeerplek of ankerketting slip of losraak moet dit dadelik aan die opsigter rapporteer, en sodanige ketting moet deur die eienaar of skipper onmiddellik teruggekry word.

6. Die eienaar van 'n boot wat in 'n vissershawe skipbreuk ly of sink moet so 'n boot sonder versuim berg, vlot maak of verwyder.

7. Die eienaar van 'n boot wat in 'n vissershawe vol water geloop het moet, as die opsigter dit van hom verlang, die nodige herstelwerk daaraan doen of so 'n boot uit die vissershawe verwyder.

8. Niemand mag die waterklosette en latrines van 'n boot laat oopstaan terwyl so 'n boot in 'n vissershawe is nie.

9. Die eienaar van 'n boot in 'n vissershawe mag nie toelaat dat sy boot in so 'n vissershawe deur iemand wat onbekwaam is om die boot te bestuur of te beheer, gehanteer word nie.

10. Elke boot wat in 'n vissershawe in die nag onderweg is moet die ligte vertoon soos voorgeskryf in die Internasionale Regulasies ter Voorkoming van Botsings ter See. 1948, en regulasie 7, deel II, van hierdie regulasie.

11. Alle bote moet, terwyl hulle in 'n vissershawe is gevolg gee aan sodanige beperkings aangaande snelheid en operasiegebied as wat die opsigter bepaal, en motoraangedrewe bote moet doeltreffend geruisloos gemaak word.

(*j*) fasten any boat to any jetty, quay, wharf, post, pile, bollard or buoy except with the permission of the supervisor;

(*k*) berth, moor or anchor any boat except at such place and in such manner as may be indicated by the supervisor;

(*l*) shift or change the berth or mooring position assigned to a boat, except with the prior permission of the supervisor;

(*m*) beach, strand, careen or lay upon any foreshore, bank or shoal any boat for the purpose of cleaning, repairs or otherwise, except with the permission of the supervisor and in accordance with such conditions as he may impose;

(*n*) effect any external repairs to any boat except at a place to be indicated by the supervisor in accordance with such conditions as he may impose;

(*o*) place any boat, spar, anchor, cable, boat gear, timber, tank, cask, wreckage, dunnage or other loose material upon any quay wharf, jetty wall or foreshore, except with the permission of the supervisor and in accordance with such conditions as he may impose;

(*p*) sail or cruise with any boat except to proceed to and from such berthing, anchoring or mooring place as may be allotted to such boat by the supervisor in terms of paragraph (*k*) of this regulation;

(*q*) outspan or leave any vehicle except at such place and in such manner as may be indicated by the supervisor;

(*r*) obstruct or do anything likely to obstruct the free use of any jetty, quay, wharf or foreshore or the approaches thereto;

(*s*) light any fire upon any jetty, quay, wharf, breakwater or other part of the harbour, except with the permission of the supervisor;

(*t*) consume any intoxicating liquor on any quay, wharf, jetty, breakwater wall or other part of the harbour, or be in a state of intoxication or behave in a violent or offensive manner to the annoyance of others;

(*u*) commit any act of indecency, use profane, obscene, indecent, abusive or improper language, or do anything which may cause injury to persons or damage to property;

(*v*) after having been called upon by the supervisor to clean his boat or a boat in his charge leave such boat in an unhygienic condition.

3. No person shall bathe, swim or dive in any fishing harbour, except at such places as may be indicated by notice boards, or with the authority of the Director of Fisheries.

4. Any person who drops or throws any article into any fishing harbour shall immediately recover such article.

5. The owner or skipper of any boat which has parted or slipped its mooring or anchor chain shall forthwith report the fact to the supervisor and such chain shall be recovered immediately by the owner or skipper.

6. The owner of any boat which is wrecked or sunk within any fishing harbour shall salvage, refloat or remove such boat as expeditiously as possible.

7. The owner of any boat which has become waterlogged in any fishing harbour shall, if he is required to do so by the supervisor, effect the necessary repairs thereto or remove such boat from the fishing harbour.

8. No person shall leave the water closets and latrines of any boat open while such boat is in any fishing harbour.

9. The owner of any boat in a fishing harbour shall not allow his boat to be handled in such harbour by any person who is incompetent to manage the said boat.

10. Every boat when under way at night within a fishing harbour shall exhibit the lights prescribed in the International Regulations for Preventing Collisions at Sea, 1948, and regulation 7, Part II of these regulations.

11. All boats while in a fishing harbour shall obey such restrictions regarding speed and area of operations as the supervisor may impose, and boats propelled by motors shall be effectively silenced.

12. 'n Boot wat versuim om sy vangs af te laai of bemanning, voorrade en brandstof by 'n vislandingskaai of landingsplek so gou moontlik aan boord te neem, moet die kaai onverwyld verlaat as die opsigter dit gelas.

13. Behoudens die bepalings van enige wet aangaande Koopvaardyskepe, kan die opsigter sulke maatreëls tref as wat hy nodig mag ag om te voorkom dat bote 'n vissershawe verlaat wat oorlaai of onbehoorlik gelaai is, of onvoldoende beman is, of sonder 'n voltallige bemanning is, of met 'n aantal passasiers aan boord bo die aantal wat met redelike veiligheid vervoer kan word, of as die bepalings van regulasie 7, deel II, van hierdie regulasies nie nagekom word nie; en in so 'n geval kan die opsigter skriftelik gelas dat sodanige boot nie gebruik mag word alvorens die defekte waarteen hy beswaar gemaak het eers tot sy voldoening of tot voldoening van die goewermentsinspekteur verhelp is nie.

14. Die eienaar van 'n boot, rondhoute, boottuig, tenk, vat, konka, timmerhout, stuplanke of ander los materiaal wat op 'n kaai, aanlêplek, muur of strand sonder toestemming van die opsigter geplaas word, of wat drywende in 'n vissershawe of op see aan die toegang van sodanige hawe gevind word, moet sodanige artikels of materiale, sodra die opsigter dit gelas, onmiddellik verwyder.

15. Die eienaar van 'n boot wat in 'n vissershawe nie stewig geanker, of vasgemeer is nie, of op so 'n manier dat dit ongerief of gevaar veroorsaak, moet onmiddellik aan die opdragte van die opsigter voldoen om sodanige boot vas te maak of te verwyder.

16. (*a*) Niemand mag die vars water wat deur die waterinstallasie by 'n vissershawe verskaf word moedswillig of deur nalatigheid mors of toelaat dat dit gedoen word nie.

(*b*) Behalwe by vissershawes waar gelde soos voorgeskryf ingevolge Bylae H vir die gebruik van vars water betaal moet word, mag geen booteienaar of sy skipper of enige lid van die bemanning toelaat dat meer as vier gelling van die vars water te eniger tyd, sonder toestemming van die opsigter, aan boord geneem word nie.

(*c*) Waar gelde ingevolge Bylae H vir die gebruik van vars water by 'n vissershawe voorgeskryf word, mag niemand sodanige water gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde wat in die genoemde Bylae voorgeskryf is.

17. Niemand mag by 'n vissershawe 'n hyskraan gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde in Bylae H voorgeskryf is.

18. Niemand mag die elektriese stroom wat by 'n vissershawe verskaf word gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde wat in Bylae H voorgeskryf is.

19. Niemand mag vanaf 'n kaai, aanlêplek, breekwater, muur of ander deel van 'n vissershawe vis vang nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde wat in Bylae H voorgeskryf is en op so 'n plek as wat die opsigter daarvoor bepaal.

20. (*a*) Niemand mag vis in 'n vissershawe skoonmaak nie, behalwe op 'n plek wat deur die opsigter daarvoor bepaal word, en elkeen wat vis op so 'n plek skoonmaak moet alle visafval van daardie plek verwyder en die plek tot bevrediging van die opsigter behoorlik skoonmaak.

(*b*) By vissershawes waar daar spesiale fasiliteite vir die skoonmaak van vis verskaf word, mag niemand van sulke fasiliteite gebruik maak nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde wat in Bylae H voorgeskryf is.

21. Behalwe vir die doel om toegang tot die visskoonmaakskure te verkry, mag niemand 'n voertuig in of op dié gedeelte van 'n vissershawe inbring nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde wat in Bylae H voorgeskryf is.

22. Niemand mag 'n net of boot om vis te vang binne die grense van 'n vissershawe of binne 'n afstand van 150 jaarts seewaarts vanaf die ingang van so 'n hawe gebruik nie.

23. Niemand mag van 'n skeepshelling in 'n vissershawe gebruik maak nie, behalwe kragtens 'n permit deur die opsigter uitgereik en by betaling van die gelde wat in Bylae H voorgeskryf is.

12. Any boat failing to discharge its catch or to take on crew, stores and fuel at a fish landing quay or landing place as quickly as possible shall move forthwith from such quay or wharf if instructed by the supervisor to do so.

13. Subject to the provisions of any law relating to merchant shipping, the supervisor may adopt such measures as he may think necessary for the prevention of boats from leaving any fishing harbour overloaded or improperly loaded, or insufficient manned, or without competent crew, or with a number of passengers on board in excess of the number that can be carried with reasonable safety, or if the provisions of regulation 7, Part II, of these regulations are not complied with; and in any such case the supervisor may by written order direct that such boat may not be used until the defects complained of by him have been remedied to his satisfaction or the satisfaction of the Government inspectors.

14. The owner of any boat, spar, boat gear, tank, cask, drum, timber, wreckage, dunnage or other loose material placed upon any wharf, jetty, wall, or foreshore without the supervisor's permission, or found adrift within a fishing harbour or at sea on the approach to such harbour shall immediately remove such articles, or materials, when called upon to do so by the supervisor.

15. The owner of any boat found to be insecurely anchored, moored or berthed in any fishing harbour, or in such a manner as to cause an inconvenience or danger, shall immediately comply with the supervisor's instructions to secure or remove such boat.

16. (*a*) No person shall wilfully or negligently waste or cause to be wasted the fresh water delivered through the water installation at any fishing harbour.

(*b*) Except at fishing harbours where a fee has been prescribed under Schedule H for the use of fresh water, no boat owner or his skipper or any member of the crew shall cause to be taken on board more than four gallons of the said fresh water at any time without the permission of the supervisor.

(*c*) Where a fee has been prescribed under Schedule H for the use of fresh water at a fishing harbour, no person shall use such water except under the authority of a permit issued by the supervisor and upon payment of the fee prescribe in the said Schedule.

17. No person shall use any crane at any fishing harbour except under the authority if a permit issued by the supervisor and upon payment of the fee prescribed in Schedule H.

18. No person shall use the electric current supplied at any fishing harbour except under the authority of a permit issued by the supervisor and upon payment of the fee prescribed in Schedule H.

19. No person shall fish from any quay, wharf, jetty, breakwater, wall or other part of any fishing harbour except under the authority of a permit issued by the supervisor upon payment of the fee precribed in Schedule H and at such place as may be indicated by the supervisor.

20. (*a*) No person shall clean any fish in any fishing harbour except at a place indicated for that purpose by the supervisor and every person who cleans any fish at any such place shall remove all fish offal and clear the place of cleaning to the satisfaction of the supervisor.

(*b*) At fishing harbours special fish-cleaning facilities are provided, no person shall use such facilities except under the authority of a permit issued by the supervisor and upon payment of the fees prescribed in Schedule H.

21. Save for the purpose of gaining access to fish-cleaning sheds, no person shall bring any vehicle into or upon the enclosed portion of any fishing harbour except under the authority of a permit issued by the supervisor and upon payment of the fees prescribed in Schedule H.

22. No person shall use any net or any boat for the purpose of catching fish within the limits of any fishing harbour or within a distance of 150 yards seawards of the entrance of any such harbour.

23. No person shall use the shipway in any fishing harbour except under the authority of a permit issued by the supervisor and upon payment of the fee prescribed in Schedule H.

24. Enigeen wat van die skeepshelling gebruik wil maak moet aansoek doen by die opsigter wat, behoudens die bepalings van regulasie 25 van hierdie Deel, die aansoeke deur hom ontvang om die beurt sal behandel.

25. Die opsigter moet by die behandeling van aansoeke wat ingevolge regulasie 24 van hierdie Deel gedoen word, voorkeur verleen aan aansoeke ten opsigte van vissersbote; met dien verstande dat ingeval die skeepshelling dringend nodig is om 'n beskadigde boot op te sleep, die opsigter na goeddunke voorkeur mag verleen aan die aansoek ten opsigte van so 'n beskadigde boot.

26. Die eienaar of skipper van 'n boot moet voldoende arbeid vir die opsleep of tewaterlating van so 'n boot verskaf; met dien verstande dat die hantering van die wenas waarmee die bote op die skeepshelling gesleep word onder toesig van die opsigter moet wees.

27. Niemand mag 'n boot op die skeepshelling langer as vier dae laat staan nie, behalwe met toestemming van die opsigter.

28. 'n Boot wat langer as vier dae op die skeepshelling gelaat word sonder dat 'n verlenging van tyd daartoe deur die opsigter vergun word, of na verstryking van die tyd wat daarvoor vergun is, moet dadelik deur die eienaar of skipper, as die skeepshelling deur iemand anders verlang word, op las van die opsigter verwyder word.

29. Die eienaar of skipper van 'n boot op 'n skeepshelling moet, voordat die boot weer te water gelaat word, die wa en skeepshelling tot voldoening van die opsigter vry- en skoonmaak en moet, dadelik nadat die boot te water gelaat is, alle blokke, wigge, tuig en gereedskap behorende aan die Afdeling Visserye, Departement van Handel en Nywerheid, en wat gedurende die opsleepwerksaamhede gebruik is, in die posisie in die vissershawe wat deur die opsigter aangewys word, laat terugplaas.

